## Hoofstuk 7

## Kultuurverskeidenheid: Groepsverhoudinge

Die mens is nie 'n enkellopende wese nie; derhalwe leef hy en voer sy bestaan binne sosiale bande. Kultuur is dinamies en die mens leef nie net binne een bepaalde groeps- of volksverband nie, maar tussen ander groepe en kulture wat mekaar wedersyds beïnvloed. Reeds in die vroegste tye was daar groot kultuurverskeidenheid in suidelike Afrika. Om kultuurinvloed in perspektief te probeer sien, moet die verskynsels van kultuurvorming, kultuuroordrag (enkulturasie), kultuurdeelname en kultuurverandering eers omskryf word. Kultuurvorming is 'n aktiwiteit van toevoeging en verandering, waaraan mense deelneem binne 'n bepaalde kultuuromgewing wat hulle van hul ouers geërf het.[1] 'n Kind word byvoorbeeld sonder kultuur gebore, maar word groot binne 'n bepaalde kultuur om te kan voortbestaan. Binne 'n gemeenskap kom die individu in aanraking met verskillende kultuurprodukte (soos klere) en kultuuraktiwiteite wat eie aan die groep is. Deur langdurige kontak vind navolging en gevolglike kultuuroordrag of enkulturasie plaas.[2] Diegene met 'n beter, gemakliker, meer doeltreffende produk of werkswyse word gewoonlik nagevolg. Op hierdie wyse het die Westerse kultuur en tegnologie die inheemse kultuur rakende waterbestuur,[3] woningbou[4] en kleredrag beïnvloed, verander en in die binneland van Suid-Afrika grootliks vervang.

Migrasie en kolonisasie het veroorsaak dat verskillende etniese groepe (swartmense, bruinmense, Asiërs en witmense)[5] in dieselfde gebied in die

1 P. de Klerk, *Geskiedenis as kultuurontwikkeling*, p. 32.

2 P. de Klerk, *Geskiedenis as kultuurontwikkeling*, p. 32.

3 F.A. Venter (red.), *Water*, pp. 507, 515.

4 F. Frescura, *Rural shelter in Southern Africa: a survey of the architecture, house forms and construction methods of the black rural peoples of Southern Africa*, p. 101.

5 Die name vir die indeling van die inwoners van suidelike Afrika volgens ras het oor die jare telkemale verander. In hierdie afdeling sal daar oorwegend na blank en inheemse of swart gemeenskappe verwys word, andersins na 'n taalgroep. Waar bronne spesifiek na naturel (ná uniewording), bantoe (Afrikaner-bewind) en swartes/swartmense verwys, is die terme dienooreenkomstig indien van toepassing gebruik. Die terme wit, swart, bruin, Asiër is indelings uit die apartheidsjare wat ook deur die huidige ANC-regering gebruik word om sogenaamde "statistiese" en diskriminerende redes, en is nie die indeling van die skrywer nie. Die skrywer wil nie die onregte van die stelsel van apartheid en afsonderlike

binneland van Suid-Afrika gewoon het. Daar was tydperke waar die gesagsposisie van sommige mense groter mag as ander toon, om die kultuur van hulle tyd en omgewing te beïnvloed. Dit gaan saam met die strewe van een groep om hulle mag oor 'n al groter gebied uit te brei, wat onvermydelik tot magskonflikte en oorloë lei.[6] Voorbeelde is Mzilikazi (ca. 1790 – 9 September 1868) se magsuitbreiding gedurende die *Difaqane*,[7] die boere-emigrante tydens hulle trek- en vestigingsfase in die tydperk wat bekend staan as die Groot Trek (1836-1854),[8] en die imperialisme van die Britse ryk gedurende die Anglo-Boereoorlog (1899-1902).[9] In hierdie hoofstuk word doelbewus gepoog om die gedeelde geskiedenis van verskillende kultuur- en etniese groepe wat in hierdie gebied gewoon het, uiteen te sit. Alle groepe is betrek by die geskiedenis van die omliggende streke, in besonder die gevolge van die *Difaqane*; die gebruik van swart en bruin as arbeidsbron in die vorm van inboekelinge, plaasarbeiders en delwersarbeiders; die Asiërhandelaars; die invloed van Europese immigrante; asook die Anglo-Boereoorlog en die gevolglike verstedelikingsproses.

## Swart gemeenskappe

Etnisiteit is op sigself 'n onderwerp van groot omvang, en daarby een wat wemel van vraagstukke, veral wat die klassifikasie van mense betref. Vir die strekking van hierdie studie is dit nodig geag om kennis te dra van diegene wat onder die klassifikasie van San, Bantoe-sprekendes (Sotho-Tswanas), bruinmense (Griekwas, Koranas, en Kaapse kleurlinge), en Asiërs val, vanweë die feit dat hulle deel van die Koepel se vestigingsgeskiedenis vorm. Daar word nie net in historiese bronne na hierdie groepe verwys nie, maar van hulle nasate bly vandag nog langs die Vaalrivier in die omgewing van die Vredefortkoepel.

---

ontwikkeling enigsins verdedig of goedpraat nie, maar sal eerder poog om 'n geheelindruk in hierdie afdeling aangaande die groepsverhoudings en arbeidspraktyke, wat oorgespoel het na die Koepelplase, te skep.

6 W.M. Macmillan, *Bantu, Boer, and Briton: the making of the South African native problem*, pp. 52-54.

7 J. Visagie, "Migrasie en die gemeenskappe noord van die Oranjerivier" in F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika van voortye tot vandag*, pp. 108, e.v.

8 J. Grobler, "Staatsvorming en stryd, 1850-1900" in F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika van voortye tot vandag*, p. 163,

9 F. Pretorius, "Almal se oorlog: Die Anglo-Boereoorlog (1899-1902)" in F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika van voortye tot vandag*, p. 237.

**Slawe**

In die vroeë jare aan die Kaap (1652-1808) is slawe uit verskeie geografiese gebiede en kulture ingevoer; daar word bereken dat tot 63 000 in hierdie tydperk vanaf die Indonesiese eilande, Indië, Madagaskar en Afrika afkomstig was.[10] Die meeste slawe, van 'n verskeidenheid kulturele agtergronde, het in die huishoudings gewerk en ingewoon. 'n Proses van kultuurverwisseling en kultuurverandering het gevolglik plaasgevind. Dit is feitlik onafwendbaar dat mense wat saam woon, mekaar beïnvloed, en dat daar wedersydse kultuuroordrag (enkulturasie) en in sommige gevalle kultuurassimilasie (akkulturasie) sal plaasvind. Binne die grense van die volksplanting het bloedvermenging plaasgevind.[11] Gevolglik het 'n groep mense van gemengde afkoms ontstaan wat nou by die huishoudings van die koloniste ingeskakel en verwesters het. Woorde uit hulle taal het verafrikaans (soos byvoorbeeld *baie, basaar, tamaai, bobotie, blatjang, frikkadel* en *kerrie*) en is as "woorde van vreemde herkoms" in die Afrikaanse taal opgeneem. Die kinders wat buite die eg uit nie-Europese ouers gebore is, is aanvanklik in die Europese gemeenskap aanvaar,[12] maar meeste, hoofsaaklik werkers en bediendes, het 'n afsonderlike kultuurgroep gevorm. Hulle is met verloop van tyd as "Kaapse kleurlinge" en "Kaapse Maleiers" geklassifiseer. Op en buite die grense van die volksplanting het ook bloedvermenging plaasgevind. Sommige *Verenigde Oost-Indische Compagnie* (V.O.I.C.) -soldate, -skeepslui en -veeboere wat op die grensgebied gewoon het, het gedurende die 18de en 19de eeu kinders by inheemse Khoikhoi[13]- en San-vrouens verwek.[14] Slawe het soms uit die

---

10 R.C.H. Shell, "The towel of Babel: the slave trade and creolization at the Cape" in E.A. Eldredge & F. Morton (eds.), *Slavery in South Africa: captive labor on the Dutch frontier*, p. 12.

11 A.J. Böeseken, "Die vestiging van die blankes onder die Van der Stels" in C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p. 43.

12 R. Shell, "Mense in knegskap" in F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika van voortye tot vandag*, p. 68; op aanbeveling van Simon van der Stel is huwelike tussen vrygemaakte slavinne na 1685 verbied om die lot van die slawegemeenskap te verbeter, A.J. Böeseken, "Die vestiging van blankes onder die Van der Stels" in C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis* p. 43.

13 Khoikhoi(n) ook Khoekhoen, vroeër sogenaamde "Hottentotte" (deesdae 'n aanstootlike woord wat nie gebruik word nie), is die inheemse volk met wie die Portugese seevaarders in die 15de en 16de eeu aan die Kaapse kus in aanraking gekom het. Hulle het glo van die groot mere-distrikte in Afrika gemigreer met hulle vee, wat bestaan het uit horingdiere en skape, hoofsaaklik langs die see suidwaarts beweeg, waar daar weiding en genoeg water was. Daarby was hulle jagter-versamelaars wat gedurende die Laat-Steentydperk (40 000-200 jaar voor die huidige) in die suidelike deel van Afrika rondgeswerf het en hulle jagtersbestaan geleidelik vir 'n meer gevestigde pastorale leefwyse verruil het.

Kaap gevlug (*drosters*) en met hierdie groepe geassimileer.[15] Hierdie kinders, wat as Basters, Griekwas[16] en die Koranas geklassifiseer is, is meestal uit die blanke samelewing gestoot.[17] Dié groep het hoofsaaklik in klein groepe gemigreer, en hulle noord van die Oranjerivier gevestig.[18]

Die amptenare aan die Kaap het rasgefundeerde maatreëls reeds ná 1658 met die koms van die slawe aan die Kaap nodig geag, aangesien die volksplanting uit 'n verskeidenheid etniese groepe bestaan het en minderheidsgroepe beskerming benodig het. Dit is hier noodsaaklik om daarop te let dat aspekte van rasseverdeling en rasse-vooroordeel nie net in suidelike Afrika voorgekom het nie, maar regoor die wêreld waar inheemse groepe se grondgebied deur Koloniale moondhede uit Europa betree en geokkupeer is (soos byvoorbeeld in Noord-Amerika).[19] In verskeie bronne is melding gemaak van die Voortrekkers wat vrouens en kinders in strooptogte gevange geneem en as "slawe" aangehou het.[20]

---

14 N. Penn, "Drosters of the Bokkeveld and the Roggeveld, 1770-1800" in E.A. Eldredge & F. Morton (eds.), *Slavery in South Africa: captive labor on the Dutch frontier*, p. 41; H. Giliomee, "Processes in development of the South African frontier" in H. Lamar & L. Thompson (eds.), *The Frontier in History, North America and Southern Africa compared*, p. 93.

15 N. Penn, "Drosters of the Bokkeveld and the Roggeveld, 1770-1800" in E.A. Eldredge & F. Morton (eds.), *Slavery in South Africa: captive labor on the Dutch frontier*, p. 41.

16 Die Griekwas was 'n gedeeltelik verwesterse groep wat hoofsaaklik van Khoikhoin, maar deels ook van Europese herkoms is. In die vroeë 19[de] eeu het hierdie groep mense eie state in die Noord-Kaap gestig, naamlik Griekwaland-Oos (tussen Lesotho, Natal en Pondoland) en Griekwaland-wes (tussen die Oranjerivier, die Vrystaat en Botswana). Die vroeë Koepelinwoners het hierdie naam gebruik om die bruinmense in die Venterskroon-omgewing te beskryf. Hierdie groep verkies om hulself as "coloureds" te klassifiseer, GPA, MO2, M. Booysen (59), Donkervliet 2011.02.24; GPA, MO2, C. Kok (62), Vaal Hackle 2010.09.29.

17 A. Barnard, *Hunters and herders of Southern Africa*, p. 193.

18 A. Barnard, *Hunters and herders of Southern Africa*, p. 193; A.G. du Toit & L. Steenkamp (reds.), *Die dagboek van Anna Steenkamp en fragmentjies oor die Groot-Trek*, p. 13; Anna Steenkamp was die dogter van Piet Retief se oudste broer.

19 H. Lamar & L. Thompson (eds.), *The Frontier in History: North America and Southern Africa compared*, p. 314.

20 P. Bonner, *Kings, commoners and concessionaires; the evolution and dissolution of the nineteenth-century Swazi state*, p. 80; E.A. Eldredge, "Slave raiding across the Cape frontier" in E.A. Eldredge & F. Morton (eds.), *Slavery in South Africa: captive labor on the Dutch frontier*, p. 115.

Dit het beslis voorgekom, aangesien die Republikeinse wetgewing van 1844 dit ten strengste afgekeur het en selfs boetes en straf opgelê het.[21]

## San

Die San, wat oorspronklik 'n jagter-gemeenskap was en wat in klein groepies rondgetrek het, se impak op die omgewing was minimaal. Hulle het respek vir die natuur gehad en die bewaring van die onmiddellike omgewing vooropgestel. Alles was op mekaar aangewese: die mense, diere en plante – en dit alles was van water afhanklik. In die literatuur word vermeld dat die trekboere[22] in Trans-Oranje nie die San van hulle grond verdryf het nie, en dat daar ook geen botsings oor grond plaasgevind het nie.[23] In briewe van siviele kommissaris P. van der Walt (20 Julie 1827) is daar selfs 'n geval waar 'n stuk grond van ongeveer 79 km (49 myl) lank en 19 km (12 myl) breed langs die Rietrivier (latere Suidwes-Vrystaat) aan veeboere "verruil" is vir 3000 kleinvee, 100 beeste, militêre asook boerderyhulp, terwyl die San die gebruik van twee fonteine behou het.[24]

Die jagters van Europese herkoms, die okkupasie van die grond deur veeboere en die gepaardgaande vermindering van die wild, het 'n selfstandige bestaan vir die San onmoontlik gemaak.[25] Verder het periodieke droogtes gedurende die 19de eeu die wild, asook die veestapels van beide die Voortrekkers en die inheemse bevolkingsgroepe, laat verklein. Dit blyk dat die San se rowery 'n direkte korrelasie getoon het met die verloop van droogtes, wat vir hulle tye van groot skaarste aan veldkos en wild beteken het.[26] Ons kan hieruit aflei dat hulle stelery moontlik die resultaat van beide honger en vyandelikheid kon wees. Die San se normale lewensomstandighede was eenvoudig, en die ellende wat hulle gedurende droogtes moes verduur het, groot. Gevolglik was moord en plundery

---

21 Artikel 28 van die *Algemeene bepalingen en wetten* (33 Artikels) van die Volksraad van Potchefstroom 1844.04.09, in Breytenbach, J.H. & Pretorius H.S. (reds.), Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1844-1850, in *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, Z.A.R., 1, p. 9.

22 Die term "trekboer" verwys na die half-nomadiese grensboere wat die natuurlike uitbreiding van die Kaapkolonie na die binneland gelei het, in P.J. van der Merwe, *Die Noordwaartse beweging van die Boere voor die Groot Trek (1770-1842)*, p. ix.

23 P.J. van der Merwe, *Die Noordwaartse beweging van die Boere voor die Groot Trek (1770-1842)*, p. 160.

24 P.J. van der Merwe, *Die Noordwaartse beweging van die Boere voor die Groot Trek (1770-1842)*, p. 161.

25 J.B. Wright, *Bushman raiders of the Drakensberg 1840-1870*, p. 25.

26 P.J. van der Merwe, *Die Noordwaartse beweging van die Boere voor die Groot Trek (1770-1842)*, pp. 94, 112, 146.

algemeen. Op hierdie wyse het hulle nie alleen die kolonisasie van die land in die noorde teengestaan nie, maar selfs die boere op die noordoos-grens van hulle plase verdryf. Die ontstaan van die blankes se kommandostelsel (teen 1739), wat hoofsaaklik uit vrywilligers bestaan het, was juis die veeboere se poging om die San-plunderprobleem in die Kaapkolonie op te los.[27] Die Kompanjiesregering het die kommando's vryheid gegee om na goeddunke met hulle vyand af te reken, waarop die pionier-veeboere[28] jagpartye gereël het om hulle vee terug te kry en die San in die proses te vang.[29] Daar is selfs in Mei 1774 'n kommandant aangestel vir die noordelike grens van die Kaapkolonie, suid van die Oranjerivier, sodat die San verjaag kon word en die veeboere weer veilig na hulle plase kon terugkeer.[30]

Gedurende droogtes, wanneer die veld in die Kaapkolonie opgeraak het, het sommige veeboere selfs hulle vee aan die San-veewagters in hulle diens toevertrou, aangesien hulle altyd geweet het waar om water en mooi veld te vind.[31] Hierteenoor is daar egter ook gevalle aangeteken in 1836 (soos Izaak Albach wat by die Trigardt-trek in die Suidoos-Vrystaat aangesluit het), waar die San-mans en -vrouens in die Caledonrivier se wêreld gevang is om as arbeiders vir die trekkers te werk, en selfs geslaan en mishandel is vir swak prestasie.[32] Die weduwee A. Steenkamp het geglo in die beginsel van simmetrie, waarvolgens onaanvaarbare gedrag gestraf is. Haar San-veewagter is selfs "met de jukscheij katswink geslagen" indien daar skape onder sy toesig weggeraak het.[33] Verder het majoor Henry D. Warden in 1850 'n kommando op die been gebring om die Caledon-distrik van San-groepe "skoon te maak", ná die moord op die boer, ene Van Hansen.[34] Die droogtetoestande en die chroniese oorlogtoestand waarin die San ná 1770 gelewe het, asook die koloniale uitbreiding na die binneland en die vasstelling van grense, het nie net hierdie groep se beweeglikheid ingeperk het

---

27 P.J. van der Merwe, *Die Noordwaartse beweging van die Boere voor die Groot Trek (1770-1842)*, pp. 25, 101.

28 "Pionier" verwys na iemand wat nuwe paaie oopmaak, onbewoonde gebiede binnetrek en mak maak, of 'n baanbreker. Dit word deesdae ook gebruik om te verwys na die mense van Europese herkoms wat ná 1835 noordwaarts in die binneland van suidelike Afrika getrek het; beide Trekkers en Voortrekkers word hierby insluit.

29 P. Mitchell, *Archaeology of Southern* Africa, p. 403.

30 G.M. Theal, *South Africa*, p. 88.

31 P.J. van der Merwe, *Die Noordwaartse beweging van die Boere voor die Groot Trek (1770-1842)*, p. 160.

32 T.H. le Roux (red.), *Die dagboek van Louis Trigardt*, pp. xvi, 94.

33 T.H. le Roux (red.), *Die dagboek van Louis Trigardt*, pp. 94, 140.

34 G.M. Theal, *History of South Africa*, p. 466.

nie, maar ook hulle normale bevolkingsgroei gestrem.[35] Gedurende die 1980's (ongeveer 140 jaar later) is San-afstammelinge, merendeels uit die Noord-Kaapstreek, suksesvol en nuttig gebruik as spoorsny-soldate in die Suid-Afrikaanse Weermag.

Vir die strekking van hierdie studie is dit nodig om kennis te dra van die San uit die Suidoos-Vrystaat aan die Caledonrivier, wat as veewagters en werkers saam met die trekkers noordwaarts getrek het,[36] diegene wat deel van die inboekstelsel was, en die groepe wat in die Koepel-omgewing rondgetrek het wat met die Khoikhoin, Griekwa en inheemse Bantoe-sprekende groepe soos die Ghoya[37] geassimileer het. Die laasgenoemde groep wat bekend gestaan het as sogenaamde "bergboesmans", het in die Koepel-bergland-omgewing gebly en sporadiese arbeid op die plase verrig.[38] Hulle het vir 'n ruk kom werk en dan meestal "verdwyn". Enkele nasate van hierdie groepe het nog teen 2005 in die Vredefort-bergland gewoon, rondgeswerf, die gemeenskap "geterroriseer" en beroof.[39] Teen die einde van 2010 het van die Vrystaatse Koepel-grondeienaars se kinders die polisie-eenhede gehelp om twee sulke jong seuns wat 'n stropersbestaan in die gebied gevoer het, in hegtenis te neem.[40] Hulle is skuldig bevind en gevonnis tot tronkstraf.[41] Dit is egter jammer dat hierdie inheemse groep mense, met hulle unieke kultuur, grootliks uit die Koepelgebied verdwyn het. Diegene wat agtergebly het, se nasate werk meestal as werkers[42] en bediendes[43] vir die grondeienaars, of op staatsgrond.[44] Verder het sommige afstammelinge van die San grotendeels met die bruinmense (voorheen kleurlinge) en Sotho-sprekende

---

35 P.J. van der Merwe, *Die Noordwaartse beweging van die Boere voor die Groot Trek (1770-1842)*, p. 65.

36 T.H. le Roux (red.), *Die dagboek van Louis Trigardt*, p.xvi.

37 J. Walton, *Early Ghoya settlement in the Orange Free State*, pp. 30, 32.

38 GPA, MO2, G.P. Schoeman (38), Venterskroon 2010.11.27; GPA, MO2, S.G. Jansen van Rensburg (41), Kromdraai 2010.08.25.

39 Anon., 'Koepel Erfenis' vereer Koepelskrywers, Baskop 2011.03.05.

40 Anon., 'Koepel Erfenis' vereer Koepelskrywers, Baskop 2011.03.05.

41 Anon., 'Koepel Erfenis' vereer Koepelskrywers, Baskop 2011.03.05.

42 GPA, MO2, K. Booysen (61), Donkervliet 2011.02.24; GPA, MOVP, E. de Koker (16), Jakkalsdraai 2008.06.04.

43 Die kombuisbediende "Mytjie" is 'n San-afstammeling en haar familie was nog altyd huisbediendes op die plaas Kromdraai; GPA, MO2, J.C.A. Jansen van Rensburg (79), Kromdraai.2010.08.2.

44 GPA, MO2, K. Booysen (61), Donkervliet 2011.02.24.

gemeenskappe in dié omgewing geassimileer.[45] Dit is te verstane dat hierdie mense 'n generasie is wat grotendeels verwesters het. Daarby praat hulle 'n besonder mooi Afrikaans en is hulle ook Sotho magtig.[46]



Figuur 91: Kleintjie Booysen[47]

45 GPA, MO2, M. Booysen (59), Donkervliet 2011.02.24; Margret klassifiseer haarself as *coloured*, sy is getroud met Kleintjie, 'n San-afstammeling; hulle dogter is getroud met 'n Sotho-sprekende man, en hulle woon saam met hulle baba in die township Tumahole in Parys.

46 GPA, MOVP, E. de Koker (16), Jakkalsdraai 2008.06.04; GPA, MO2, J.C.A. Jansen van Rensburg (79), Kromdraai 2010.08.25; GPA, MO2, K. Booysen (61), Donkervliet 2011.02.24.

47 GPA, proefskriffoto's: C. Gouws, Donkervliet 2011.02.24.

Mnr. K. Booysen wat op Hendrik Mathee se plaas in die Vredefort-distrik grootgeword het (*Figuur 91*), reken dat hy 'n "boesman" (San) -afstammeling is.[48]

As 'n jong seun van ongeveer 10, het hy in die plaaskombuis gewerk. Hy moes die houtvoorraad kap, en soggens die vuur in die houtstoof maak. Dan het hy koffie gemaak en dit vir die boer en sy vrou geneem. Hy het kontak met sy familie verloor.[49] Hy glo verder nog aan die teenwoordigheid van die gevaarlike waterslang in die Vaalrivier by Degraafseiland.[50]

### Bantoe-sprekende gemeenskappe

Dit is noodsaaklik om hier te vermeld dat die binneland nooit ten volle onbevolk was nie. Op die berge soos dié in die Koepel-omgewing is daar gepakte rotse wat dui op groot vestings van etlike duisende mense wat voorheen daar gebly het; tog het 'n groot gedeelte van die oop Hoëveld nooit 'n digte inheemse bevolking gehuisves nie.[51] Daarby was daar gedurende die 18^de^ en 19^de^ eeu 'n oop tsetsevlieg-strook verder noord wat onbevolk was en feitlik die hele Laeveld en kusgrasvelde beslaan het.[52] Hierdie mense, wat gemengde boerdery bedryf het, het sedert die Christen-era suidwaarts beweeg en teen die 17^de^ eeu die grootste gedeelte van die vrugbare landbougrond in die hoë-reënvalgebied (ongeveer twee-vyfdes van die oostelike streke van suidelike Afrika) beset.[53] In die proses het hulle die San vermoor of verdryf na die bergagtige gedeeltes en die westelike woestyn, en met sommiges geassimileer deur huwelike. Hulle het egter nie gevestig in die woestyn-areas wes van die 500 mm-reënvalstreek nie.[54] Daar het die rondtrekkende San en die Khoikhoin hul gevestig totdat hulle met die Europeërs te doen gekry het.

---

48 GPA, MO2, K. Booysen (61), Donkervliet 2011.02.24; sy pa, Hendrik Booysen, was 'n "coloured" en sy ma Sofie van Sotho-San herkoms.

49 GPA, MO2, K. Booysen (61), Donkervliet 2011.02.24.

50 GPA, MO2, K. Booysen (61), Donkervliet 2011.02.24.

51 C. Hamilton (ed.) *The Mfecane aftermath, reconstructive debates in Southern African History*, p. 294.

52 C. Hamilton (ed.) *The Mfecane aftermath, reconstructive debates in Southern African History*, p. 322.

53 L. Thompson & H. Lamar, "The North American and Southern African frontiers" in H. Lamar & L. Thompson (eds.), *The Frontier in History, North America and Southern Africa compared*, p. 19.

54 L. Thompson & H. Lamar, "The North American and Southern African frontiers" in H. Lamar & L. Thompson (eds.), *The Frontier in History, North America and Southern Africa compared*, p. 19.

Gedurende die proto-*Difaqane*-periode (ongeveer 1750-1822) het die impak van die Transvaalse Ndebele grotendeels verdwyn en die Tswana se invloed weer gegroei.[55] Argeoloë het groot stede ontdek, met bevolkings tussen 10 000 en 20 000 mense elk, wat ook deur die 19de-eeuse reisigers aangeteken is. Die argeologiese opgrawings by die Laat-Ystertydperk-terreine in die studie-area het dik lae mis-afsettings getoon, wat daarop dui dat groot troppe vee hier aangehou is. Die mense uit die Laat-Ystertydperk wat vee aangehou het, het meer water benodig as diegene uit die Laat-Steentydperk. Vee is vir die inheemse bevolkingsgroepe 'n aanduiding van rykdom en status. Daar kan gevolglik aangeneem word dat die Laat-Ystertydperk-terreine in die Koepelarea, in die omgewing van die Vaalrivier, in ag genome die hoeveelheid wooneenhede en uitleg van die vestings, heel moontlik deur ryk hoofmanne, kapteins of selfs konings beset kon gewees het. Van die herkoms van die inwoners wat die klipkrale op die heuwels van die Vredefortkoepel gepak het en dit vir 'n lang tydperk bewoon het, weet ons egter bykans niks nie. Dit is belangrik om kennis te neem dat daar geen geskrewe rekord vir die Laat-Ystertydperk bestaan nie, en dat die argeologiese rekord 'n verband toon met hedendaagse Sotho-Tswana-sprekende mense. Daar word tog gepostuleer dat die stede moontlik uit ca. 1750 dateer en ook 'n multi-etniese gemeenskap gedurende die middel van die 18de eeu gehuisves het.[56]

Dit blyk voorts dat die Sotho-Tswana-krale in die binneland, asook kompetisie vir ivoor suid en noord van die Limpopo, hoofsaaklik die roofbewegings gedurende die pre-*Difaqane*-periode bepaal het.[57] Verder was die dominante rigting van handel en die rooftogte tot ná 1800 na die ooskusgebied, waarná handel en rooftogte aan die suidkus meer belangrik geword het.[58] Die gepakte klipmure in die Koepel-omgewing toon juis ooreenkomste met dié van die Tswana (Batswana) wat hulle teen die 17de eeu reeds in die omgewing van die Zimbabwe-ruïnes

55 C. Hamilton (ed.) *The Mfecane aftermath, reconstructive debates in Southern African History*, p. 335.

56 C. Hamilton (ed.) *The Mfecane aftermath, reconstructive debates in Southern African History*, p. 336.

57 C. Hamilton (ed.) *The Mfecane aftermath, reconstructive debates in Southern African History*, p. 304.

58 C. Hamilton (ed.) *The Mfecane aftermath, reconstructive debates in Southern African History*, p. 305.

gevestig het, en suidwaarts beweeg het tot aan die Vaalrivier en selfs verder suid.[59]



Figuur 92: Mev. M. Booysen[60]

[59] J.H. Coetzee, *Ou Marico (4): Swart en Wit op die Wesgrens*, pp. 13, 15.

Verder word daar beraam dat daar vóór die koms van Mzilikazi moontlik oor die vier miljoen Batswanas oor die uitgestrekte kliprante en berge van die Lebomboberge in die ooste, die woestyn in die weste, die Limpopo aan die noorde en die Vaalrivier aan die suide gewoon het, met grootliks dieselfde taal, sedes en gewoontes as hulle nageslagte.[61] Hierdie mense was hoofsaaklik veeboere wat ook landbou bedryf het. Ons kan aanneem dat die beskikbaarheid van water en voedsel in die vorm van wild vir oorlewingsdoeleindes, 'n houtvoorraad en die gunstige klimaat, vestiging in die onderhawige omgewing gestimuleer het.

**Bruinmense**

Voor 1840 was daar 'n stewige netwerk van sendingstasies op die Hoëveld, waar die inboorling-groepe beskerming kon geniet.[62] Die Londense Sendinggenootskap het byvoorbeeld onder die Griekwas hul bediening gedoen. Die bruinmense (Kaapse kleurlinge) wat in die begin van die 18de eeu vanuit die Oos-Kaap (Oudtshoorn) saam met die trekgeselskappe na die Koepel-omgewing getrek het, was meestal plaaswerkers, skoonmakers en huisbediendes.[63] Sedert die pionierstydperk was daar 'n klasse- en kultuurskeiding tussen die werkers (bediendes of werksvolk) en werkgewers (trekkers). Gekleurde bediendes wat saam met die trekgroepe uit die Kaapkolonie verhuis het, het byvoorbeeld snags onder die ossewa onder skaapvelle geslaap.[64]

In 1855 het die Vrystaatse Volksraad 'n wet teen "Landlooperij en Veedieverij" aangeneem.[65] Hiervolgens blyk dit dat veediefstal en rusverstoring deur sogenaamde "werklose kleurlinge" 'n wesentlike probleem was. Die staat se oplossing was die passtelsel. 'n Pas wat geteken is deur 'n sendeling of opperhoof moes die naam van die pashouer, sy woonadres, die doel van sy besoek, waarheen hy op pad is, wanneer hy beplan om daar aan te kom, en indien hy vee of perde het, die hoeveelhede daarvan aandui.[66] Alhoewel sommige grondeienaars meen

---

60 GPA, proefskriffoto's: C. Gouws, Donkervliet 2011.02.24.

61 J.H. Coetzee, *Ou Marico (4): Swart en Wit op die Wesgrens*, p. 16.

62 W.M. Macmillan, *Bantu, Boer, and Briton*, p. 191.

63 A.G. du Toit & L. Steenkamp (reds.), *Die dagboek van Anna Steenkamp en fragmentjies oor die Groot-Trek*, p. 13.

64 F.L. Cachet, *De worstelstrijd der Transvalers, aan het volk van Nederland verhaald*, p. 117.

65 J.H. Breytenbach & W.B. van der Vyver (reds.), Notule van die volksraad van die Oranje-Vrystaat 1854-1855 in *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, O.V.S., 1, pp. 114-115.

66 J.H. Breytenbach & W.B. van der Vyver (reds.), Notule van die volksraad van die Oranje-Vrystaat 1854-1855 in *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, O.V.S., 1, p. 115.

dat die bruinmense vroeër ook moeilikheid op die Koepelplase veroorsaak het,[67] was nie alle bruinmense werkloos, rusverstoorders en diewe nie. Die bruinmense is net baie sosiaal en hou van kuier, wat meestal met die drink van alkoholiese dank gepaard gaan.[68]

Die bruinmense (Griekwa-Koranas) wat op die delwerye agtergelaat is, is grotendeels aan hulle eie lot oorgelaat. Volgens die grondeienaars met wie onderhoude gevoer is, het die boere van die Witbank- en die Koppieskraal-omgewing selde bruinmense in diens geneem, terwyl die boere in die omgewing van Venterskroon (waar die delwerye vroeër was) teen die 1940's nog 'n groot aantal bruin arbeiders op hulle plase gehad het.[69] Armoede onder die boerende gemeenskap en ongebruikte ruimte op plase het grotendeels 'n rol by indiensname gespeel. Vóór en ná die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) was meeste boere in die Koepel-omgewing arm gewees, en die daaropvolgende droogtes, peste, plae en groot bevolkingsaanwas het die mense nog verder verarm.[70] Op die Van Rensburgs se plaas (Witbank) was daar byvoorbeeld soveel volwassenes wat arbeid kon verrig, dat net die noodsaaklike arbeiders van buite in diens geneem is.[71] Aan die Transvaalkant is die plaas Koppieskraal in hoewes opgedeel. Gevolglik was daar nie juis ruimte vir strooise (statte) nie.[72]

Die bruin plaasarbeiders, wat lojaal aan die grondeienaar-families gebly het, was hoofsaaklik Afrikaanssprekend en het meestal deel van die huishoudings geword.[73] Hierdie groep is deur hul Afrikaanssprekende werkgewers meestal goed behandel.[74] Mev. M. Booysen het as kind by haar ouma gebly, en vakansietye by haar ma gekuier, wat 'n huiswerker vir Hans van Rensburg (voorheen leier van die Ossewabrandwag-Beweging) was.[75] Volgens haar was vakansietye in die Kaaps-Hollandse gewelwoning op Degraafseiland altyd vol opwinding – veral wanneer

67 GPA, MO2, P. Kemp (48), SUNWA 2011.05.25.

68 GPA, MO2, T.B. Lourens (65), telefoongesprek 2013.04.11.

69 GPA, MO2, T.B. Lourens (65), telefoongesprek 2013.04.11; GPA, MO2, S.L. Jansen van Rensburg (81), Helena 2010.05.05; GPA, MO2, P. Kemp (48), SUNWA, 2011.05.25.

70 GPA, MO2, S.L. Jansen van Rensburg (81), Helena 2010.05.05.

71 GPA, MO2, S.L. Jansen van Rensburg (81), Helena 2010.05.05.

72 Kyk ook hoofstuk 5, *Kaart 27*.

73 Soos die inwonende skoonmakers en algemene arbeiders op Takwasa en Jakkalsdraai in die Venterskroongebied.

74 A. Aylward, *The Transvaal of to-day: war, witchcraft, sport, and spoils in South Africa*, pp. 149, 151.

75 GPA, MO2, M. Booysen (59), Donkervliet 2011.02.24.

die plaaseienaar en sy gesin nie tuis was nie. Sy het besonder spesiaal gevoel, omdat sy in die witmense se bad kon was en mev. Van Rensburg se waslap kon gebruik, aangesien sy gewoond was om daagliks in die rivier te was.[76]

Haar familie het met verloop van tyd grotendeels verwesters en praat 'n suiwer Afrikaans. Sy en haar man werk vir die staat (departement Kuns en Kultuur) op Donkervliet en het vier volwasse kinders wat met Sotho-sprekendes getrou het en in Parys se township,[77] Tumahole, woon. Oor die jare het bruinmense wat hulself as "Coloured" klassifiseer (*Figuur 92)* 'n etniese verandering ondergaan.[78] Hulle bande met die Sotho-sprekende bevolkingsgroep is versterk en huwelike het hieruit voortgespruit.[79]

Die Sotho-sprekende kultuur se houding teenoor inklusiwiteit het verder veroorsaak dat die groep in hulle eenheid aanvaar en opgeneem is. Gevolglik het etniese assimilasie tussen die bruinmense en die Sotho-sprekendes die vergroting van laasgenoemde groep veroorsaak.[80]

Die Ontugwet (Wet No. 21 van 1950) was een van die wette onder die apartheidstelsel wat 'n verbod op seksuele verhoudings tussen blank en nie-blank, geplaas het. Dié wet (geïmplementeer in 1950, gewysig in 1957 en uitgefaseer in 1985) was bedoel om die vermenging van rasse te verhoed en sodoende die beleid van sogenaamde "Afsonderlike Ontwikkeling" (apartheid) toe te pas. In die Koepel-omgewing was daar wel enkele gevalle van verhoudings oor die kleurgrens, maar geen name is verstrek nie. Daar was byvoorbeeld 'n geval waar 'n blanke grondeienaar 'n "baie donker" kind gehad het, wat selfs die boer se familienaam gebruik het.[81] In een geval was daar 'n verhouding tussen 'n blanke man en 'n bruin vrou, maar geen huwelik is voltrek nie.[82] Tydens veldwerk in die tydperk 2008-2013 was daar glo ook 'n geskeide boer wat saam met 'n swart dame en hul kinders woon,[83] en een grondeienaar in die Venterskroon-omgewing

---

76 GPA, MO2, M. Booysen (59), Donkervliet 2011.02.24.

77 Vanaf ca. 1994 word die naam lokasie in die spreektaal vervang met township.

78 GPA, MO2, M. Booysen (59), Donkervliet 2011.02.24.

79 GPA, MO2, T.B. Lourens (65), telefoongesprek 2013.04.11; GPA, MO2, M. Booysen (59), Donkervliet 2011.02.24.

80 GPA, MO2, M. Booysen (59), Donkervliet 2011.02.24.

81 GPA, MO2, S.L. Jansen van Rensburg (81), Helena 2010.09.29.

82 GPA, MO2, J.H. Naudé (86), Potchefstroom 2011.05.07.

83 GPA, MO2, P.A. Gericke (69), Eerste Geluk 2011.02.10.

wat naweke saam met gewillige dames van die inheemse bevolkingsgroepe in die omgewing kuier.[84]

Die plaaslike boeregemeenskap was baie konserwatief en het die bruinmense (beide die Kaapse kleurling- en Griekwa-groepe) meestal van gemeenskaplike kulturele en godsdienstige aktiwiteite uitgesluit.[85] Sommige bruinmense was kerkloos, terwyl diefstal, bandeloosheid en rondlopery ook onder hulle voorgekom het.[86] Drankmisbruik en gepaardgaande geweld (gevegte en messtekery) het glo die verwydering tussen die bruin gemeenskap en die blankes vergroot.[87] Tot op hede (2013) bly bruin familiegroepe meestal eenkant en het hulle nog nooit grondeienaars geword nie. Teen 2008 was daar 'n groterwordende groep werklose bruinmense wat in die omliggende dorpe en stedelike lokasies of townships gebly het.[88] Soms is chroniese siektetoestande die rede vir werkloosheid.[89]

**Asiërs**

Die Asiërs was 'n klein groepie mense gedurende die laat 19de en vroeë 20ste eeu wat van Indië na Suid-Afrika geïmmigreer het. Sommige Indiërs was deel van die oorspronklike kontrakwerkers wat as inboekelinge vanaf 1860 in Natal gevestig is om arbeid op die suikerrietplase te verrig.[90] Latere groepe wat kapitaal besit het, het egter as handelaars op die platteland gevestig, soos enkeles in die Potchefstroom-distrik.[91] Hierdie handelaars, soos die Jalalpor-familie wat in die Mohadin-lokasie in Potchefstroom gevestig het, was van die eerste Indiërs wat hulle eie ondernemings naby Parys bedryf het. Hulle het inherent verskil van die inheemse bevolkingsgroepe, en was hoofsaaklik handelaars. Volgens die Vrystaatse Ordonnansie No. 18 van 1884 is hulle as *Coloureds* geklassifiseer en

---

84 GPA, MO2, J.J. Landman (75), Koedoeslaagte 2011.03.02.

85 GPA, MO2, T.B. Lourens (65), telefoongesprek 2013.04.11.

86 GPA, MO2, P. Kemp (48), SUNWA 2011.05.25; GPA, MO2, T.B. Lourens (65), telefoongesprek 2013.04.11.

87 GPA, MO2, P. Kemp (48), SUNWA 2011.05.25.

88 GPA, MOVP, J. Calcutta (54), Vredeshoop township, Vredefort 2008.06.06. Die term "lokasie/s" word in hierdie studie in historiese verband gebruik.

89 GPA, MOVP, J. Calcutta (54), Vredeshoop township, Vredefort 2008.06.06.

90 S. Bhana & B. Pachai (eds.), *A documentary history of Indian South Africans, 1860-1982*, p. 18; L.M. Thompson, Indian immigration into Natal (1860-1872), in *Archives year book for South African History*, 1952(2), pp. 17, 24.

91 GPA, MO2, I. Jalalpor (80), Parys 2010.11.19; S. Bhana & B. Pachai (eds.), *A documentary history of Indian South Africans, 1860-1982*, p. 30.

belas, terwyl daar na hulle as "Arabiere" verwys is, wat tot groot ontevredenheid gelei het.[92] Elke gebied het sy eie wette en reëlings met betrekking tot die Indiërhandelaars gehandhaaf. Volgens die bepalings van die Vrystaatse Ordonnansie No. 1 van 1885, is Asiërs verbied om in die Vrystaat handel te dryf, en alle bestaande huurkontrakte is nietig verklaar.[93] Hulle is ook verbied om daar te woon, of oor te slaap, en kon slegs deur die Vrystaat reis.[94] Dit was vanweë die feit dat die Vrystaatse regering hulle as 'n bedreiging vir blanke handelaars gesien het.[95] Volgens Wet No. 3 van 1885 van die Z.A.R. (gewysig in 1886), kon die Indiërs in Transvaal woon en handeldryf, maar slegs in gebiede wat deur die staat aan hulle toegewys is.[96] Die Z.A.R. se beleid van die toekenning van afsonderlike woon- en handelsgebiede aan die Indiërgemeenskap, asook die verblyf- en handelsverbod in die Vrystaat, het tot die voordeel van blanke handelaars gestrek.

Verskeie pogings van die Indiërgemeenskap om op grond van hulle Britse burgerskap die betrokke wetgewing ongedaan te maak, was onsuksesvol. Dit is egter vreemd dat die wetgewing nie nougeset in die Z.A.R. toegepas is nie.[97] Volgens mnr. Jalalpor het die Indiërs glo 'n ooreenkoms met pres. Paul Kruger gesluit, dat hulle uit die Vrystaat sal bly. In ruil daarvoor het Kruger vir hulle toegelaat om op elke dorp in Transvaal handel te dryf.[98] Hiervolgens kon hulle op munisipale grond 'n winkel oprig en dan maandeliks huurgeld aan die munisipaliteit betaal. Die verhouding tussen blank en Asiër in die studie-area was uitsluitlik 'n ekonomiese een.[99] Die winkel *M. Jalalpor General Dealer* (*Figuur 93*) is gebou aan die destydse Transvaalkant van die betonbrug oor die Vaalrivier by Parys.

---

92 S. Bhana & B. Pachai (eds.), *A documentary history of Indian South Africans, 1860-1982*, p. 31.

93 S. Bhana & B. Pachai (eds.), *A documentary history of Indian South Africans, 1860-1982*, p. 32.

94 T.R.H. Davenport, *The beginnings of urban segregation in South-Africa, the Natives (Urban Areas) Act of 1923 and its Background*, p. 5.


95 GPA, MO2, I. Jalalpor (80), Parys 2010.11.19.

96 S. Bhana & B. Pachai (eds.), *A documentary history of Indian South Africans, 1860-1982*, p. 32.

97 J.W.N. Tempelhoff, Die okkupasiestelsel in die distrik Soutpansberg, 1886-1899, in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1997, p. 116.

98 GPA, MO2, I. Jalalpor (80), Parys 2010.11.19.

99 C.J.P. le Roux, Die verhouding tussen blank en nie-blank in die Oranje-rivier kolonie 1900-1910, in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1987(1), p. vii.



Figuur 93: Mnr. M. Jalalpor en Ahmed, sy kleinseun, in sy Algemene Handelaarwinkel[100]

Die huidige eienaar, Malie Jalalpor se pa het in 1914 met die bou van die genoemde brug, die winkel en aangrensende woning opgerig. Hyself is in hierdie winkel langs die Vaalrivier gebore en bestuur dit saam met sy een seun en kleinseuns. Sy ander seun, Suli I. Jacoob (hy het sy naam verander), werk as rekenaartegnikus in Skotland, waar hy en sy gesin reeds 'n paar jaar lank woon.[101] Die Indiërgemeenskap is godsdiens- en kultuurvas; gevolglik het gemengde huwelike selde indien ooit voorgekom.[102]

## Staatsvorming

Die term *Difaqane* word gebruik om 'n epog van droogte, oorloë, rampspoed, hongersnood en ellende (ongeveer 1815-1830)[103] onder die inheemse bevolking in die binneland van Suid-Afrika aan te dui. Hierdie gebeure, wat onder die Nguni-gemeenskappe van die noordoostelike kusgebied (Zoeloeland en Natal) sy beslag gekry het, en wat as 'n onderwerpingsveldtog en leierskapbotsing as gevolg van ekspansionisme, oorheersing en magsuitbreiding (die Zoeloe-ryk van Shaka) begin

100 GPA, proefskriffoto's: C. Gouws, Parys 2010.11.19.

101 GPA, MO2, I. Jalalpor (80), Parys 2010.11.19.

102 GPA, MO2, I. Jalalpor (80), Parys 2010.11.19.

103 F.A. van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot P.W. Botha*, p. 114.

het, het tot 'n reeks uitdelgingsoorloë gelei.[104] Die oordrag van die stryd het verder grootskaalse migrasie vanaf Natal oor die Drakensberg deur die Vrystaat en die Koepelarea en verder na die Noordweste veroorsaak. Hierna het die Matabeles met verdere aanslae van geweld en moord, ontvolking en verstrooiing onder die Tswanastamme (ca. 1821-1840) voortgegaan.

Tydens die verloop van die *Difaqane* is verskeie stamme verdelg, verdeel of geassimileer, en is mense gedwing tot roof en plunder om te kan oorleef. Die *Difaqane*-oorloë het nie net gegaan om oorlewing nie, maar ook om die stroop van veestapels, plundering van landerye, roof en verwoesting van vestings, moord, en die vang van vrouens en kinders as oorlogsbuit.[105] Ten slotte het dit ook gegaan oor die insameling van rykdom. Teen 1829 is die Matabeles se getalsterkte op sowat 80 000 geskat.[106] Volgens meer as een outeur het die vermindering van natuurlike hulpbronne soos water, 'n tekort aan weiding vir vee en kos-skaarste die inheemse bevolkingsgroepe selfs tot kannibalisme gedryf.[107] In 1840 het 'n stamhoof van een van die stamme in Basotholand aan die Franse sendeling Thomas Arbousset gesê: "Hunger was the first cannibal"; verder ook: "We were getting used to that type of life".[108] Gevolglik is gemeenskappe vermoor of stamme verbrokkel, en het mense in klein groepies gevlug. Dit het 'n bepalende invloed op die bevolkingsverspreiding in die binneland gehad.

Die "ontvolkte binneland," soos waargeneem deur reisigers en die voorste trekkers, was hoofsaaklik die gevolg van uitdelgende oorlogvoering gedurende die *Difaqane*.[109] Daarby blyk dit uit die eerste Matabele-aanvalle op die trekkers in

---

104 P. Bonner, *Kings, commoners and concessionaires; the evolution and dissolution of the nineteenth-century Swazi state*, pp. 20-22; C. Ballard, "Drought and Economic Distress: South Africa in the 1800s" in *Journal of Interdisciplinary History*, 17(2), Autumn 1986, p. 359.

105 F.J. Potgieter, Die vestiging van die blanke in Transvaal (1837-1886) met spesiale verwysing na die verhouding tussen die mens en die omgewing (Ph.D.), p. 30.

106 F.J. Potgieter, Die vestiging van die blanke in Transvaal (1837-1886) met spesiale verwysing na die verhouding tussen die mens en die omgewing (Ph.D.), p. 30.

107 C. Ballard, "Drought and Economic Distress: South Africa in the 1800s" in *Journal of Interdisciplinary History*, 17(2), Autumn 1986, p. 374; D. Ambrose & A. Brutsch, *Missionary excursion into the blue mountains* {being an account of King Moshoeshoe's expedition from Thaba-Bosiu to the Sources of the Malibamatšo River in the year 1840 by Thomas Arbousset}, p. 68.

108 D. Ambrose & A. Brutsch, *Missionary excursion into the blue mountains*, pp. 68, 69.

109 T. Keegan, "White settlement and Black subjugation on the South African Highveld: The Tlokoa heartland in the North Eastern Orange Free State, ca. 1850-1914" in W. Beinart *et*

Augustus 1836 noord van die Vaalrivier, dat die Bantoe-sprekendes noord van die Vaalrivier moontlik die rivier as grens en die trekkers as ongemagtigde betreders van hulle grondgebied gesien het.[110] In hoofsaak het dit gehandel oor die regte al dan nie op grondgebied en weidingsregte in die gebied noord en suid van die Vaalrivier.[111] Dit is ooglopend dat ons hier met verskillende kulture en uiteenlopende sienswyses rakende grondbesit te make het. Die tradisionele inheemse stamstelsel in Afrika, waarvolgens grond na willekeur, soos omstandighede dit vereis, geneem of verlaat kan word, was in konflik met die Europese stelsel van moderne grondbesit waar grense, permanente woongebiede en belastingheffings aan die staat van toepassing is.

Mzilikazi se Matabeles en die Ndebeles se strooptogte noord van die Vaalrivier het die inheemse bevolkingsgroepe uitgedun en verspreid gelaat. Baie is ook ingelyf by die Ndebele-stropers. Die voorste trekkers (A.H. Potgieter) het grond suid van die Vaalrivier van inheemse stamme (die Bataung) vir vee geruil.[112] As teenprestasie is beskerming aan die Bataung teen die Matabeles verleen.[113] Die voorste trekkers, die Griekwas en die Tswanas se verhouding met mekaar was aanvanklik op 'n goeie voet, aangesien hulle die Matabeles (Ndebeles) van Mzilikazi as gesamentlike bedreiging beleef en beveg het.[114] Nie alle inheemse stamme was vyandig teenoor die trekkers en pioniers nie. 'n Bewys van vreedsame kontak tussen hulle vind ons reeds in eerwaarde Smit se dagboekinskrywings (op Maandag 28 November 1836) toe "eerwaarde J.E. Archibald" (Archbell) en Moroka die Smit-geselskap besoek het en oor "die Evangelie van Jesus Christus" gepraat het,[115] en op Woensdag 7 Desember 1836, toe eerwaarde Smit weer die stat van Moroka besoek het en aangeteken het: "Hij

*al.* (eds.), *Putting a plough to the ground: accumulation and dispossession in rural South Africa 1850-1930*, p. 219; W.M. Macmillan, *Bantu, Boer, and Briton*, p. 235.

110 G.M. Theal, *History of South Africa*, p. 100; P.J. van der Merwe, Die Matabeles en die Voortrekkers in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1986(2), p. 37.

111 W.M. Macmillan, *Bantu, Boer, and Briton*, p. 54.

112 Op 13 Junie 1838 is 'n ooreenkoms met die Bataung stam aangegaan waarvolgens 'n deel van die grondgebied, vanaf die Vaalrivier tot aan die Vetrivier "en langs de bovenste wagenweg van Doornkop naar Porte Natal" tot aan die Wilgespruit, in ruil vir 49 koeie vir bewoning aan die trekkers toegewys is in H.S. Pretorius e.a. (reds.), *Voortrekker-Argiefstukke 1829-1849*, pp. 37, 317.

113 H.S. Pretorius e.a. (reds.), *Voortrekker-Argiefstukke 1829-1849*, pp. 37, 317.

114 N. Parsons, "The time of troubles" in C. Hamilton (ed.), *The Mfecane aftermath: reconstructive debates in Southern African History*, p. 305.

115 G.S. Preller, *Voortrekkermense (2)*, pp. 64, 66.

ontving ons zacht en vriendelik".[116] Soos reeds genoem, het Moroka ook aan die trekkers en hulle diere voedsel en hulp verleen.[117] Ná Vegkop het eerwaarde J.E. Archbell vir Adam Kok en die "Basters" (Griekwas en Koranas) versoek om die trekkers te help.[118] Selfs eerwaarde Daniel Lindley[119] van die Amerikaanse sending het hierdie trekgroep met kos, waens en osse gehelp omdat hulle gestrand was.[120]

Potgieter en Maritz het 'n samekoms vir 2 Desember 1836 by Thaba Nchu gereël, waartydens hulle 'n siviele regering, wat uit sewe lede sou bestaan, ingestel het.[121] Maritz was die voorsitter en Potgieter die "legerkommandant". Daar was twee sake wat hulle moes afhandel: eerstens die bestuur van die trek, en tweedens om met Mzilikazi af te reken. Onder leiding van Maritz en Potgieter is in Januarie 1837, met "40 Bastaards en 60 man van de Marolesen" teen die Matabeles[122] 250 myl ver na Mosega toe, opgetrek. Die sogenoemde "Bastaards" was heel waarskynlik enkele Griekwas en Koranas onder bevel van die Griekwa-kaptein Pieter Davids, en die Marolesen moontlik gehuurde Barolongs wat moes help om die vee wat geroof is, terug te bring.[123] Na sorgvuldige beplanning onder leiding van Maritz en Potgieter, is Mzilikazi vroeg in die oggend van 16 Januarie 1837 in sy kraal by Mosega verras en is meer as 7 000 beeste buitgemaak.[124] Hierdie gesamentlike Voortrekker-Griekwa-Tswana-aanval op Mzilikazi en sy Matabele-mag by Mosega is in verskeie dokumente vermeld.[125] Winburg is die naam wat die

116 G.S. Preller (red.), *Joernaal van 'n trek, uit die dagboek van Erasmus Smit*, p. 44.

117 G.S. Preller, *Voortrekkermense (1)*, p. 12.

118 G.S. Preller, *Voortrekkermense (1)*, p. 132.

119 Eerw. D. Lindley was 'n predikant van die Presbiteriaanse Kerk (V.S.A.) wat as sendeling van die "American Board of Missions" aanvanklik sendingwerk onder die inheemse bevolking gedoen het (1836-1840), maar sy sendingwerk laat vaar het en die Voortrekkers in Natal (1840-1847) as leraar gaan bedien het, in A. Dreyer, *Die Kaapse Kerk en die Groot Trek*, p. 206.

120 G.S. Preller, *Voortrekkermense (1)*, in voetnoot p. 134.

121 H.S. Pretorius e.a. (reds.), *Voortrekker-Argiefstukke 1829-1849*, pp. 13, 14.

122 Sien brief onderteken, "Blesberg, 7 Maart 1837" in H.B. Thom, *Die lewe van Gert Maritz*, p. 131.

123 H.B. Thom, *Die lewe van Gert Maritz*, p. 132.

124 G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner (2): 1806-1854*, p. 337.

125 H. Giliomee & B. Mbenga (eds.), *New History of South Africa*, p. 122.

Potgietertrek vir die uitspanplek langs die Vetrivier ná hierdie oorwinning by Mosega gegee het.[126]

Potgieter en sy mense was reeds aan die Vetrivier teen die tyd dat Piet Retief die voorste trekkers in 1837 ingehaal het, terwyl Maritz se trek vry langs die Caledonrivier gestaan het. Ná Mzilikazi se vlug in November 1837 noordwaarts het Potgieter sy grondgebied geneem. Dit het bestaan uit die grootste deel van die destydse Transvaalprovinsie, die helfte van die Vrystaat, die hele Suid-Betsjoeanaland tot by die Kalahari-woestyn (uitgesonder die distrik wat deur die Batlaping besit is), "(an) immense tract of country (that) was then almost uninhabited".[127] Vanaf die slag van Vegkop op 16 Oktober 1836, die direkte gevolg van die Liebenberg-moorde en die Vaalrivierslag,[128] tot en met die slag van Bloedrivier op 16 Desember 1838, was twee jaar van veg, straf en vlug vir die trekkers in die land noord van die Gariep. Ná Bloedrivier het 'n groep Voortrekkers saam met Zoeloe-inboekelinge teruggetrek na die Potchefstroom-omgewing, soos onder andere P.L. Jansen van Vuuren,[129] en hulle op Koedoeslaagte en Koedoesfontein in die studie-area gevestig.[130]

Uniek aan die grensuitbreiding in suidelike Afrika was die verdeeldheid tussen die Europeërs onder mekaar, by name die Voortrekkers en die Britse regering, wat elke individuele groep se impak verswak het. Andries Pretorius en Mosjwesjwe het selfs saam teen die Britte geveg.[131] Daarby was sommige inheemse stamme nie net vriende van die emigrant-boere nie, maar ook van die Engelse.[132] Dit blyk uit die verdragstelsel volgens die Brits-Indiese model, wat sedert 1835 tussen die inheemse bevolkingsgroepe en die Britse regering in die binneland gesluit is, met

126 G.M. Theal, *South Africa (The union of South Africa Rhodesia, and all other territories south of the Zambesi)*, p. 200.

127 G.M. Theal, *South Africa*, p. 202.

128 Kyk ook hoofstuk 3, *kaart* 8.

129 Voorheen Van Vuren gespel, GPA, MO2, J.J. Landman (75), Koedoeslaagte 2011.03.02; grafskrif op graf te Koedoeslaagte "Hier rus een Bloedrivierheld"; terreinbesoek, Koedoeslaagte 2011.03.02.

130 Kyk ook hoofstuk 3 *Tabel 1*.

131 H. Giliomee, "Processes in development of the South African frontier" in H. Lamar & L. Thompson (eds.),*The Frontier in History, North America and Southern Africa compared*, p. 92.

132 F.A. van Jaarsveld, *Die eenheidstrewe van die Republikeinse Afrikaners (1): pioniershartstogte 1836-1864*, p. 69.

die doel om grense vas te stel en stabiliteit te probeer handhaaf.[133] Die vriendskapsverdrae tussen afgevaardigdes van die Britse regering met Mzilikazi (3 Maart 1836), Mpande (5 Oktober 1843) en Mosjwesjwe (ook 5 Oktober 1843), is sprekende voorbeelde hiervan.[134] Die swak plek in hierdie verdrae was dat die inheemse bevolkingsgroepe vaag oor territoriale grense was; selfs Mosjwesjwe nie buite sy omgewing erken is nie; en kleiner groepe soos Sekonyela en Griekwa-groepe elk slegs 200-300 volgelinge gehad het.[135]

Potgieter het in Februarie 1843 die Vaalrivier na die suide oorgesteek om die bande wat hy in 1836 met Mosjwesjwe en Moroka aangeknoop het, te hernu.[136] Mosjwesjwe het voorts in 1851 vir A.W.J. Pretorius hulp as "broer" en "vriend" teen die aanslag van die Britse regering gevra.[137] Moroka, die Barolong-kaptein wat op Thaba Nchu gebly het, was ook die voorste trekkers (Potgieter en Maritz) baie vriendelik gesind. Dit was hoofsaaklik omdat hy, net soos sy buurman Mosjwesjwe, beskerming teen die bloeddorstige Matabeles benodig het.[138] Teen 1839 het van die Barolong-kapteins (Gontse, Tawane[139] en Matlabe) vanaf Thaba Nchu noordwaarts oor die Vaalrivier getrek.[140] Kommandant Hendrik Potgieter het as 'n gebaar van vriendskap vir die Barolong grond in die Potchefstroom-distrik naby die plase van die emigrant-boere gegee.[141] Hierdie gebied is later Machaviestad genoem.

Teen 1840 het Mosjwesjwe, koning van die Basotho in sy bergvesting Thaba Bosiu gebly, en sy volgelinge in die grootste deel van die noordoostelike deel van die Oranjerivier-Soewereiniteit.[142] Grond tussen die Vet- en Vaalrivier is aanvanklik

---

133 W.M. Macmillan, *Bantu, Boer, and Briton*, p. 182.

134 E.H. Brookes, *White rule in South Africa 1830-1910*, pp. 30, 33.

135 W.M. Macmillan, *Bantu, Boer, and Briton*, p. 215.

136 F.A. van Jaarsveld, *Die eenheidstrewe van die Republikeinse Afrikaners (1)*, p. 69.

137 F.A. van Jaarsveld, *100 basiese dokumente by die studie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis 1648-1961*, p. 90.

138 H.B. Thom, *Die lewe van Gert Maritz*, p. 101.

139 Tawane het in 1848 teruggetrek na sy geboortegrond, waar hy tot aan sy dood in 1849 gebly het, in G.M. Theal, *History of South Africa*, p. 460.

140 G.M. Theal, *History of South Africa*, p. 375.

141 G.M. Theal, *History of South Africa*, pp. 375, 376.

142 T. Keegan, "White settlement and Black subjugation on the South African Highveld: The Tlokoa heartland in the North Eastern Orange Free State, ca. 1850-1914" in W. Beinart *et al.* (eds.), *Putting a plough to the ground: accumulation and dispossession in rural South Africa 1850-1930*, p. 219.

deur die trekkers vir vee geruil en andersins ook as oorlogsbuit geneem.[143] Teen 1848 is grondbesit suid van die Vaalrivier deur die Britse administrasie vanuit Natal gereguleer.[144] Hierna het die Boererepublieke tot stand gekom. Ná verskeie Britse anneksasiepogings en drie Basotho-oorloë (1858-1868) het die Sotho's groot gedeeltes van hul vrugbare en ploegbare grondgebied aan die Vrystaat (groot gedeeltes van die Caledonriviervallei) afgestaan.[145] Weens die tekort aan landbougrond, het die Sotho meestal hulle dienste as deelsaaiers op die Vrystaatse plase, wat aan die emigrant-boere behoort het, aangebied.[146]

Die Voortrekkers (Potgieter) het aanspraak gemaak op groot gedeeltes van die binneland, nadat die Matabeles noordwaarts landuit gevlug het. Daar is van alle swart gemeenskappe verwag om die trekkers se grondbepalings te aanvaar. Die swart gemeenskappe moes ook die trekkers se oppergesag aanvaar en belasting betaal in die vorm van arbeidsverskaffing in ruil vir bewoningsreg op voorafbepaalde grondgebiede.[147] Die Tswanas het hulle teen hierdie maatreëls verset. Nadat vee van die Voortrekkers noord van die Vaalrivier deur onderdane van Mosielele van die Bakgatla gesteel is, het 'n kommando in Augustus 1852 die gesamentlike magte van die Bakwena en Bakgatla (Tswanas) by Dimawe aangeval.[148] As buit is hulle vee en Tswanavroue en -kinders, wat hierna as werkers by wit boere ingeboek is, weggevoer.[149] Die praktyk om swartmense op

---

143 H.S. Pretorius e.a. (reds.), *Voortrekker-Argiefstukke, 1829-1849*, pp. 26, 317.

144 T. Keegan, "White settlement and Black subjugation on the South African Highveld: The Tlokoa heartland in the North Eastern Orange Free State, ca. 1850-1914" in W. Beinart *et al.* (eds.), *Putting a plough to the ground: accumulation and dispossession in rural South Africa 1850-1930*, p. 220.

145 J. Grobler, "Staatsvorming en stryd, 1850-1900" in F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika van voortye tot vandag*, p. 161.

146 Mma-Pooe's family: sharecroppers in L. Callinicos, *Working life, 1886-1940: factories, townships, and popular culture on the Rand*, p. 29.

147 J. Grobler, "Staatsvorming en stryd, 1850-1900" in F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika van voortye tot vandag*, p. 163.

148 P. Bonner, "The balance tilts: Swazi-Boer relations 1852-1865" in *Kings, commoners and concessionaires; the evolution and dissolution of the nineteenth-century Swazi state*, p. 69.

149 P. Bonner, "The balance tilts: Swazi-Boer relations 1852-1865" in *Kings, commoners and concessionaires; the evolution and dissolution of the nineteenth-century Swazi state*, p. 70; daar is onreëlmatighede rakende hierdie stelsel gerapporteer, soos kinderrooftogte tydens die Britse bewind, kinders wat deur hulle ouers weggegee is omdat hulle nie meer vir hulle kon sorg nie, lede van die inheemse bevolkingsgroepe wat mekaar uitgemoor het en die kinders dan aan die emigrant-boere verkoop het, en mense wat kinders aan die Portugese in ruil vir goedere aangebied het J.A.I. Agar-Hamilton, *The native policy of the*

boereplase as arbeiders in te boek, is grootliks teen die 1870's en 1880's gestaak, ná die groot uittog van plaasarbeiders na die delwerye, myne en stedelike gebiede.[150]

In beide die Zuid-Afrikaansche Republiek (1852) en die Oranje-Vrystaat (1954) is grond volgens wetgewing slegs aan burgers ('n blanke persoon met vee) toegeken.[151] Die swart gemeenskappe moes inpas by 'n bedeling wat bepaal het dat die benutting en besit van grond in ooreenstemming met sosiaal-ekonomiese waardes sou geskied, wat in die Wes-Europese beskawingsdampkring aan die orde was. Reeds in 1844 het die Volksraad van die Z.A.R. in Artikel 29 van die 33 Artikels bepaal dat geen swartes hulle tot ongerief van die blanke inwoners naby dorpe mag vestig nie.[152] Weens die getalle-oorwig van die swart bevolkingsgroepe is hulle nie op regeringsvlak in die Boererepublieke betrek nie, en volgens die republikeinse beleid ook nie toegelaat om vuurwapens te besit nie.[153] Blankes het tipies die grond besit, en die mense uit die inheemse bevolkingsgroepe was grootliks arbeiders. Beide die Sotho- en Tswanasprekendes wat ná die *Difaqane* nog in die Koepel-omgewing woonagtig was, het ná die trekkervestiging (1838) en die afbakening van plase (1838-1839) hulle grond verbeur. Gevolglik het hulle hul meestal onderwerp en as arbeiders en later as deelsaaiers (arbeiders wat 'n deel van hulle oes aan 'n blanke grondeienaar afgestaan het in ruil vir vestiging op die plaas) op die emigrant-boere se plase gaan bly.[154]

---

*Voortrekkers: an essay in the history of the interior of South Africa – 1836-1858*, pp. 178, 182, 183, 187, 194.

150 P. Bonner, *Kings, commoners and concessionaires; the evolution and dissolution of the nineteenth-century Swazi state*, p. 70; P. Delius, "The Ndzundza Ndebele" in P. Bonner *et al.* (eds.), *Holding their ground,* p. 242.

151 J.H. Breytenbach & H.S. Pretorius (reds.), Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek 1844-1850, in *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, Z.A.R., 1, p. 312.

152 J.H. Breytenbach & H.S. Pretorius (reds.), Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek 1844-1850, in *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, Z.A.R., 1, p. 9.

153 Volgens die sesde bepaling van die Sandrivier- en die agste bepaling van die Bloemfonteinse konvensie in F.A. van Jaarsveld (red.), *100 basiese dokumente by die studie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis 1648-1961*, pp. 92, 96.

154 C.J.P. le Roux, Die verhouding tussen blank en nie-blank in die Oranjerivierkolonie 1900-1910, in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1987(1), p. 104.

### Arbeid

Die meeste inboorlingstamme in die binneland van suidelike Afrika wat in die 18de eeu vee besit het, het 'n aantal San-werkers aangehou met die doel om vee op te pas en te jag, in ruil vir kos en kleding.[155] Hierdie gebruik onder die Khoikhoin en Bantoe-sprekendes is aangeteken deur reisigers soos P. Kolb (1707) wat in die Kaapkolonie, Simon van der Stel (1685) wat in Namakwaland en 'n Sweed H.J. Wikar (1779) wat in die omgewing van die Oranjerivier gereis het.[156]

### Inboekstelsel

Die Britse regering het die gebruik van die sogenaamde inboekstelsel (*apprenticeship*) in die Kaapkolonie ontwikkel en gewettig (in 1721)[157], om die vraag na arbeid die hoof te bied.[158] Op hierdie wyse is 'n heenkome vir Khoikhoi-volwassenes sonder huis, familie of werk, asook Khoikhoi-weeskinders geskep.[159] Verder was dit ook 'n algemene gebruik om San op kommando-togte te vang en hulle te verdeel onder die boere wat werkvolk nodig gehad het, by wie hulle dan vir 'n vasgestelde tydperk ingeboek is.[160] Tydens een van hierdie strafekspedisies (sien aanhaling wat volg) is ongeveer 503 San doodgemaak en 239 gevange geneem, waarvan sommige vrygelaat is terwyl ander vir 'n termyn ingeboek is, om onder die burgers volgens 'n inboekstelsel as "inboekselinge" op plase te werk.[161]

---

155 M. Wilson, "The hunters and herders" in M. Wilson & L. Thompson, *The Oxford history of South Africa (1): South Africa to 1870*, pp. 63, 107; dit is ook bekend dat hulle die Khoikhoin San-meisies ontvoer en aangehou het om vir hulle te werk in G.M. Theal, *South Africa*, p. 2; Die naam Khoisan, dui juis op die vermenging van die Khoikhoin en San-groepe.

156 M. Wilson, "The hunters and herders" in M. Wilson & L. Thompson, *The Oxford history of South Africa (1): South Africa to 1870*, p. 63.

157 R.C.H. Shell, "The towel of Babel: the slave trade and creolization at the Cape" in E.A. Eldredge & F. Morton (eds.), *Slavery in South Africa: captive labor on the Dutch frontier*, p.32.

158 Volgens 'n sisteem van inboek, is seuns totdat hulle 25- en meisies totdat hulle 21-jaar oud is by 'n werkgewer ingeboek wat onderneem het om vir hulle te sorg en goed te behandel, asook by die landdros te registreer as "inboekseling," in J.A.I. Agar-Hamilton, *The native policy of the Voortrekkers: an essay in the history of the interior of South Africa 1836-1858*, pp. 171, 172;

159 J.A.I. Agar-Hamilton, *The native policy of the Voortrekkers: an essay in the history of the interior of South Africa – 1836-1858*, p. 171; R.C.H. Schell, "The towel of Babel: the slave trade and creolization at the Cape" in E.A. Eldredge & F. Morton (eds.), *Slavery in South Africa: captive labor on the Dutch* frontier, p.32.

160 P.J. van der Merwe, *Die Noordwaartse beweging van die Boere voor die Groot Trek (1770-1842)*, p. 163.

161 W.M. Macmillan, *Bantu, Boer, and Briton*, p. 173; G.M. Theal, *South Africa*, p. 88.

> *At the beginning of summer a combined force of burghers, half-breeds, and Hottentots (Khoikhoin), in three divisions acting in concert, took the field. The country for more than three hundred miles along the great mountain range was scoured, and all the Bushmen found who would not surrender were shot.*[162]

Ná die afskaffing van slawerny (in 1838) is die stelsel van inboekelinge of werkvolk wat deur die veeboere in die Kaapkolonie gebruik is, deur die Britte in Natal,[163] die Voortrekkers[164] en later ook in die Boererepublieke[165] toegepas. Hierdie stelsel is deur sendelinge en Britse geskiedskrywers as 'n vorm van slawerny beskou.[166] Reeds in 1844 het die Volksraad van die Z.A.R. in Artikel 28 van die 33 Artikels bepaal dat geen persoon swart kinders onwettig van hulle ouers mag neem nie, anders sou hulle gestraf word met 'n boete van 500 riksdaalder of gevangestraf en die kinders moes dan ook terugbesorg word. Volgens die vierde bepaling van die Sandrivierkonvensie (1852), en die sewende bepaling van die Bloemfonteinse konvensie (1854), is slawerny in die Boererepublieke verbied.[167] Daar kan hieruit afgelei word dat dit in die praktyk voorgekom het, maar dat wetgewing in die verband 'n poging van regeringskant was om dit stop te sit.

**Plaasarbeiders**

Meeste swart plaasfamilies in die middel-Vaal-omgewing was teen 1840 uitgewekenes sonder stamverwantskappe vanuit die Wes-Transvaal en Suidoos-Vrystaat, wat 'n heenkome op 'n plaas as arbeiders of deelsaaiers gesoek het.[168] Die groot droogte van 1845-1846 het veroorsaak dat die inheemse bevolkingsgroepe wat nog op hulle eie gebly het, hulle meestal in hul stryd om te

162 G.M. Theal, *South Africa*, p. 88.

163 J.A.I. Agar-Hamilton, *The native policy of the Voortrekkers: an essay in the history of the interior of South Africa – 1836-1858*, p. 171.

164 T.H. le Roux (red.), *Die dagboek van Louis Trigardt*, p. xvi-xvii.

165 O.J.O. Ferreira, *Stormvoël van die Noorde*, p. 225.

166 T.S. van Rooyen, *Die kronieke van Wallmannsthal (2)* [Webwerf: http://www.repository.up.ac.za/bit stream/handle/2263/1] [Datum geraadpleeg: 2013.04.28.].

167 F.A. van Jaarsveld (red.), *100 basiese dokumente by die studie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis 1648-1961*, pp. 92, 96.

168 T. Keegan, "White settlement and Black subjugation on the South African Highveld: The Tlokoa heartland in the North Eastern Orange Free State, ca. 1850-1914" in W. Beinart *et al.* (eds.), *Putting a plough to the ground: accumulation and dispossession in rural South Africa 1850-1930*, p. 230.

oorleef, ook tot die plaasboere gewend het.[169] Hulle het hul dienste baie goedkoop aangebied, in ruil vir beskerming en verskaffing van basiese onderhoud.[170] 'n Nuwe swart proletariaat, naamlik plaasarbeiders, wat meestal ingespan is om die swaarder werk te verrig, het gevolglik op die Hoëveld tot stand gekom.[171]

Sommige plaaseienaars (soos 'n geval in die Vrystaat) het geld gemaak deur hutbelasting direk van hul arbeiders te verhaal,[172] en arbeiders is met 'n streng hand beheer. Die blankes het 'n verhouding geskep waarin 'n "meester" alle beskikkingsreg oor die "arbeider" gehad het,[173] waardeur 'n magsverhouding van "meerdere" teenoor "mindere" geskep is. Tog het sommige reisigers aangetoon dat die onderlinge verhouding tussen die plaaseienaars en hul arbeiders, soos die wadrywers, ploegmanne en vee-oppassers (die sogenaamde "volk" op die plaas) meestal baie goed was.[174] Die boer en sy kinders kon meestal die werkers se taal praat – 'n aanduiding van goeie kommunikasie.[175] Aangesien die boer se kinders die inheemse taal magtig was, was hulle groot maats met die werkers se kinders.[176] Hulle het saam vis gevang en geswem, en in sommige gevalle het die swart

---

169 W.M. Macmillan, *Bantu, Boer, and Briton*, p. 245; C.J.P. le Roux, Die verhouding tussen blank en nie-blank in die Oranjerivierkolonie 1900-1910, in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1987(1), p. 104.

170 J.F.W. Grosskopf, *Die Armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika; verslag van die Carnegie-kommissie, Ekonomiese verslag, plattelandsverarming en plaasverlating (1)*, p. xi.

171 T. Keegen, "The dynamics of rural accumulation in South Africa: comparative and historical perspectives" in *Comparative studies in society and history*, 28(4), October 1986, p. 633.

172 T. Keegan, "White settlement and Black subjugation on the South African Highveld: The Tlokoa heartland in the North Eastern Orange Free State, ca. 1850-1914" in W. Beinart *et al.* (eds.), *Putting a plough to the ground: accumulation and dispossession in rural South Africa 1850-1930*, p. 222.

173 Volgens Art. 33 van die "algemeene bepalingen en wetten" later die 33 Artikels genome van die volksraad, Potchefstroom 1844.04.09., kon 'n diensheer sy diensbode tugtig indien dit nodig mag wees, maar nie mishandel nie in J.H. Breytenbach e.a. (reds.), Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek 1844-1850 in *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, Z.A.R., 1, p. 3.

174 A. Aylward, *The Transvaal of to-day: war, witchcraft, sport, and spoils in South Africa*, p. 149.

175 Om 'n taal aan te leer en te gebruik benut jy onbewustelik 'n spesifieke kultuurtradisie en jou optrede is dan deelname aan die kultuur van jou omgewing, in P. de Klerk, *Geskiedenis as kultuurontwikkeling*, p. 32; GPA, MO2, P. Kemp (48), SUNWA 2011.05.25; A. Aylward, *The Transvaal of to-day: war, witchcraft, sport, and spoils in South Africa*, pp. 121, 150, 152.

176 GPA, MO2, P. Kemp (48), SUNWA 2011.05.25.

kinders hulle kennis met betrekking tot die eetbare veldvrugte aan die wit kinders oorgedra.[177]

In die Boererepublieke is plaaswerkers se lone nie deur wetgewing bepaal nie en is dit meestal onderling deur werkgewer en werknemer ooreengekom. Plaaswerkers het in die meeste gevalle geen loon ontvang nie, maar het gewerk in ruil vir verblyf en voedsel.[178] Vergoeding is soms in die vorm van kontant of skaapvelle gegee.[179] Verder kon boere volgens Republikeinse wetgewing tot vyf arbeiders en hulle gesinne toelaat om op die plase te woon, 'n stuk grond te bewerk en 'n goeie bestaan vir hulself te maak.[180] Alhoewel Vrystaatse wetgewing bepaal het dat 'n skriftelike dienskontrak tussen werker en werkgewer aangegaan moes word, was daar weinig kontrole oor kontrakte en oor arbeiders.[181] Arbeiders moes goeie behandeling, kos en 'n loon vir hulle arbeid ontvang.[182] Lone was wisselvallig en het verskil van distrik tot distrik, en tussen verskillende tipes boerderybedryf en heersende ekonomiese toestande.

**Boere-arbeiders en deelsaaiers**

Die arbeiders op die plase aan die Transvaalkant van die Vaalrivier (Potchefstroom-distrik) was hoofsaaklik boere-arbeiders (sogenaamde plakkerdiensbodes),[183] en

177 GPA, MO2, P. Kemp (48), SUNWA 2011.05.25.

178 J.S. Bergh, "White farmers and African labourers in the pre-industrial Transvaal" in *Historia*, 55(1), May 2010, p. 24; GPA, MO2, S.L. Jansen van Rensburg (82), Helena 2011.05.14.

179 J.S. Bergh, "White farmers and African labourers in the pre-industrial Transvaal" in *Historia*, 55(1), May 2010, p. 24.

180 Wet No. 4 van 1895 in Davenport, T.R.H. & Hunt, K.S. (eds.), *The right to the land: documents on Southern African history*, p. 56; van toepassing op beide die Vrystaat en Transvaal in C.J.P. le Roux, Die verhouding tussen blank en nie-blank in die Oranjerivierkolonie 1900-1910, in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1987(1), pp. 82, 104; J.S. Bergh, "White farmers and African labourers in the pre-industrial Transvaal" in *Historia*, 55(1), May 2010, p. 21.

181 C.J.P. le Roux, Die verhouding tussen blank en nie-blank in die Oranjerivierkolonie 1900-1910, in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1987(1), pp. 82, 104; J.S. Bergh, "White farmers and African labourers in the pre-industrial Transvaal" in *Historia*, 55 (1), May 2010, p. 21.

182 J.S. Bergh, "White farmers and African labourers in the pre-industrial Transvaal" in *Historia*, 55(1), May 2010, p. 21.

183 Boere-arbeiders of sogenaamde plakkerdiensbodes is swart arbeiders wat minstens drie tot vier maande in die jaar in die geval van mans en twee dae per week in die geval van vroue, diens aan die blanke grondeienaar gelewer het in ruil vir die reg om hulself tesame met hul gesinne op dié se grond te vestig in M. Letsoalo, *Land reform in South Africa: a black perspective*, pp. 30-31.

aan die Oranje-Vrystaat se kant (Vredefort- en Parys-distrikte) deelsaaiers.[184] In die 1920's en 1930's het deelsaai in die Wes-Transvaalse mielie-distrikte 'n bloeityd beleef, terwyl dit in die Oranje-Vrystaat grootliks tot niet gegaan het.[185]

Deelsaaiery was 'n praktyk wat sedert ongeveer 1890 algemeen inslag gevind het in die Oranje-Vrystaat. Ná die Anglo-Boereoorlog was dit vir menige swartman die enigste manier van oorlewing.[186] Dit het ook in die Vrystaat-Koepel-omgewing voorgekom en op enkele plase aan die Transvaalkant van die Vaalrivier.[187] Vir sommige plaasarbeiders was die reëling met die boere voordelig, aangesien dit hulle in staat gestel het om selfonderhoudend te wees.[188] Die grootste konsentrasies deelsaaiery was in die oostelike en noord-oostelike Vrystaatse distrikte, waar gunstige klimaatstoestande vir graan en veeboerdery geheers het, terwyl daar in die droë westelike (wat 'n gedeelte van die Koepelarea insluit) en suidelike distrikte hoofsaaklik met skape geboer is.[189] Die bewerkbare deel van die meeste Koepelplase langs die Vaalrivier is betreklik klein. Hieruit kan afgelei word dat deelsaaiery op 'n beperkte skaal in die studiegebied bedryf is, en hoofsaaklik op die groot plase wat in die grasveld-biome geleë was. Sommige boere (in beide die Transvaal en Vrystaat) het plakkerskrale op hulle plase aangehou om vir hulself 'n arbeidsbron en 'n inkomste deur die heffing van hutbelasting te verseker.[190] Dit was ook die geval in die Koepel-omgewing.[191] Vir die blanke grondeienaars was hierdie vorm van huur-arbeid gepas, aangesien hulle vir hulle "ongebruikte grond" gratis arbeid ontvang het.[192] Terselfdertyd kon hulle voldoende arbeiders in die hande kry, mits hulle oor voldoende grond beskik het om deelsaaiery toe te laat.

---

184 Plaasarbeiders (swartmense) wat 'n deel van hul oeste aan 'n blanke grondeienaar afstaan in ruil vir vestigingsreg op laasgenoemde se grond. Armblankes wat deelsaaiers was is "bywoners" genoem.

185 T. Keegen, "The dynamics of rural accumulation in South Africa: comparative and historical perspectives" in *Comparative studies in society and history*, 28(4), October 1986, p. 645.

186 L. Callinicos, *Working life, 1886-1940: factories, townships, and popular culture on the Rand*, p. 30.

187 NWU, Fleischack-versameling [147] "Akte van Transport leningsplaats Tijgerfontein No. 641" 1923.08.27; L. Callinicos, *Working life, 1886-1940: factories, townships, and popular culture on the Rand*, p. 30.

188 M. Letsoalo, *Land reform in South Africa: a black perspective*, p. 30.

189 C.J.P. le Roux, Die Verhouding tussen blank en nie-blank in die Oranjerivierkolonie, 1900-1910 in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1987(1), p. 105.

190 C.J.P. le Roux, Die Verhouding tussen blank en nie-blank in die Oranjerivierkolonie, 1900-1910 in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1987(1), p. 105.

191 GPA, MO2, J. de Klerk (55), Vaalkop 2011.02.10.

192 M. Letsoalo, *Land reform in South Africa: a black perspective*, p. 31.

’n Mens moet nie uit die oog verloor dat daar selfs boere was wat hulle boerdery aan arbeiders oorgedra het, en dan self op die naaste dorp gaan woon het nie.[193]

In onderhoude met die Koepel-grondeienaars is dit bevestig dat arbeidsverhoudinge tussen blanke boere en hul arbeiders in die studie-area meestal goed was.[194] Die goeie reputasie wat die oorgrote meerderheid boere gehad het, het vir hulle voldoende arbeiders verseker. ’n Goeie loon en voldoende voedsel was meestal die basis vir goeie arbeidsverhoudinge, terwyl swak verhoudinge met hul plaasarbeiders vir sommige boere ’n tekort aan arbeiders besorg het.[195] Sommige werkers het wel van plaas tot plaas getrek totdat hulle gunstige omstandighede ervaar het, waarna hulle gewoonlik permanent gevestig het.[196] Soos elders in die Vrystaat het veediefstal, rondlopery, oormatige bierdrinkery en luiheid onder sommige Koepelplaaswerkers voorgekom.[197]

### Delwerye

Die verhouding tussen wit boere en swart arbeiders het in die sestiger- en sewentigerjare van die 19de eeu 'n belangrike oorgangsfase in Transvaal en die Noordwes-Vrystaat ondergaan. Die beskikbaarheid van swart arbeid in hierdie tydperk was 'n wesentlike probleem. Die ontdekking van diamante aan die Transvaalse suidwestelike grens in 1867 het ’n onversadigbare vraag na swart arbeid en plaasprodukte geskep. Die toestroming van prospekteerders na die delwerye het druk op die dorpsmarkte geplaas, en voedselproduksie op boerderye het meer markgerig en arbeidsintensief geraak. Swart arbeid is veral tydens oestyd benodig.

Delwers en arbeiders het in groot getalle na die Vredefortse (1898),[198] Potchefstroomse (1903)[199] en latere Vaalrivierse diamantdelwerye (1906)[200]

193 T. Keegen, “The dynamics of rural accumulation in South Africa: comparative and historical perspectives” in *Comparative studies in society and history*, 28(4), October 1986, pp. 645-646.

194 C.J.P. le Roux, Die Verhouding tussen blank en nie-blank in die Oranjerivierkolonie, 1900-1910 in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1987(1), p. 104.

195 GPA, MO2, S.L. Jansen van Rensburg (82), Helena 2010.09.29.

196 GPA, MO2, J. Vis (43), Venterskroon 2010.11.27.

197 GPA, MO2, S.L. Jansen van Rensburg (82), Helena 2010.09.29; C.J.P. le Roux, Die Verhouding tussen blank en nie-blank in die Oranjerivierkolonie, 1900-1910 in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1987(1), p. 108.

198 TAB, OD, 0 [OR1068/98] “D.H. Marx, speciale vrederechter, Lindequesfontein, distrik Kroonstad” 1898.

gestroom. Vrederegters is op elke gehuggie aangestel om die wet en orde in die omgewing te handhaaf. 'n Groep gekleurde werkers (bruinmense) uit die Kimberley-omgewing het saam met hulle delwer-werkgewers daar aangekom om as arbeiders, klipkappers, bantomsorteerders[201] en waterkarweiers (waterdraers) 'n inkomste in die Koepelrante en langs die Vaalrivier te verdien.[202] In die bestek van 'n kort tyd het duisende arbeiders hulle op die delwerye binne die Koepel-omgewing gevestig.[203] Die beskikbaarheid van water, arbeid en kapitaal was noodsaaklik in die ontginningsproses van beide goud en diamante. Water was noodsaaklik vir die was-proses en indien daar nie 'n fontein of waterput naby die kleim was nie, is water van die eienaar van die grond waarop die delwery geproklameer is of by waterkarweiers gekoop.[204] Daar was verder arm delwers, kapitaalkragtige delwers, sindikate en maatskappye wat op die delwerye bedrywig was. Die kapitaal wat die delwer tot sy beskikking gehad het, het bepaal watter ontginningsmetode hy gevolg het, hoeveel arbeiders hy kon bekostig en of hy 'n winsgewende onderneming kon bedryf. Indien daar 'n tekort aan arbeiders was, was die lone hoog, en indien daar 'n ooraanbod aan arbeiders was, was lone laag. Hoë lone het die arm delwers ten nouste geraak en hulle moes dan met die minimum arbeid oor die weg kom.[205]

Op Venterskroon het 'n tentdorp verrys, waar die arm delwers en arbeiders van verskillende etniese groepe saam gebly het.[206] Die feit dat die mynkommissaris se kantoor oorspronklik net een voordeur vir alle arbeiders, en een agterdeur vir sy personeel gehad het, skep die indruk dat daar in die 19de eeu veral onder die

---

199 Op Nooitgedacht, Tijgerfontein en Kromdraai is 412 kleims in Augustus 1903 geregistreer en almal het meer as een werker in hul diens gehad, TAB, MCK 1/5 [DRC571/03] "Tracings of claims in the names of Evans & Schoeman" 1903.08.01.

200 TAB, MM, 125 [CM1833/06] "Report on Klipspruit, Vaal River Diggings" 1906.07.17.

201 Om die gruis wat reeds deur die delwers deursoek is, weer deur te werk.

202 GPA, MO2, C. Meyer (57), Koppieskraal 2011.02.24; GPA, MO2, G. van Greuning (54), Parys 2008.06.04.

203 Op Nooitgedacht (Transvaal) GPA, MO2, G.P. Schoeman (38), Venterskroon 2010.11.27; op Elandslaagte (Vrystaat) en was tot 2000 werkers bedrywig, GPA, MO2, P. Erasmus (84), Kommandonek 2011.02.05.

204 TAB, MCK, 1/5 [451/03] "Beacons of mynpacht, waterrights and claims erected" 1903.06.20; TAB, MCK, 1/71 [MCC298/14] "application by Wardhaugh for permit to erect waterpump on Vaal River for the supply of water to the diggers" 1914.05.11.

205 TAB, MCK, 1/5 [DRC456/03] "Farm Kromdraai 165 owners' share of licence moneys" 1903.09.01.

206 GPA, MO2, C. Meyer (57), Koppieskraal 2011.02.24.

delwers min "apartheid" bestaan het. Gedurende die vroeë 20ste eeu, is die bogenoemde kantoor egter verbou om nog 'n voordeuropening daar te stel. Een ingang is vir blankes (*Europeans*) en een vir nie-blankes (*non-Europeans*) gebruik en daar was 'n skeidsmuur om die twee afdelings van mekaar te skei.[207] Hierdie aparte ingange wat aangebring is, is 'n aanduiding dat die beleid van apartheid (ook op sosiaal-kulturele vlak) eers gedurende die vroeë 20ste eeu ná Uniewording onder die Koepel se delwersgemeenskap sy beslag gekry het.

Die delwerye, wat van betreklike korte duur was, was grotendeels tot voordeel van almal in die studiegebied. Die stigting van dorpies het boerewinkels vir voorraad gebring, asook poskantore met telegraaffasiliteite en 'n weeklikse posdiens wat kommunikasie met die groter sentra verbeter het. Goud kon nie ekonomies ontgin word nie. Sommige mense wat aanvanklik die landstreek binne getrek het om goud te delf, het hulself gevolglik algou in 'n staat van toenemende armoede bevind. Die onherbergsaamheid van die omgewing, hulle afsondering en die ontberinge waaraan hulle blootgestel was, asook die gebrekkige kommunikasiemiddels, het die verarmingsproses versnel. Die myners wat onsuksesvol in die area gedelf het, het nie lank vertoef nie en meestal hulle fortuin elders, soos in Pelgrimsrus en Barberton se goudvelde of aan die Witwatersrand gaan soek.[208] Hierdie delwers het egter hul Griekwawerkers, gewoonlik vanweë geldgebrek, sonder werk en heenkome in die Koepel-omgewing agtergelaat.[209] Die staking van die mynbou-aktiwiteite was ook een van die hoofredes vir die ontvolking van die Koepelgebied.

### Die Anglo-Boereoorlog

Die Anglo-Boereoorlog was hoofsaaklik 'n stryd tussen Boer en Brit. Verskeie boere het hulle beste plaasarbeiders as agterryers na die gevegsfront saamgeneem, maar laasgenoemde het geen ammunisie hanteer nie.[210] Hierdie werkers het die perde afgesaal, water gaan haal, brandhout gesoek, vuur en kos gemaak, en sanitêre werk in die kampe behartig.[211] Baie plaasarbeiders het egter besluit dat dit lonend is om die Britte te help.[212] Hulle het as wadrywers diens verrig, die konstruksiewerk met die oprigting van die blokhuise behartig, asook

207 GPA, MO2, C. Meyer (57), Koppieskraal 2011.02.24.

208 GPA, MO2, C. Meyer (57), Koppieskraal 2011.02.24.

209 GPA, MO2, C. Meyer (57), Koppieskraal 2011.02.24.

210 H. Giliomee & B. Mbenga (eds.), *New History of South Africa*, p. 219.

211 F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 78, 80.

212 F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 76.

sanitasie-werk en ander handearbeid in die konsentrasiekampe verrig.[213] 'n Loon is aan hierdie mense betaal, hulle het kos en verblyf ontvang en is in die meeste gevalle ook bewapen, wat tot nadeel van die Boeremagte gestrek het.[214] Sommige Britse offisiere en soldate het gekleurde dames vir hulle seksuele plesier in die kampe aangehou, tot groot vermaak van die Boere wat hulle afgeloer het.[215] Hierdie vrouens is meestal misbruik. Ná die oorlog het die inheemse bevolkingsgroepe in die Britse konsentrasiekampe agtergebly, waar hulle aanvanklik kos en verblyf gekry het. Nadat Brittanje hom in 1902 onttrek het, is hierdie groep aan hulle eie lot oorgelaat. Sommige Britse soldate wat in die Koepel-omgewing agtergebly het, soos ene Davis en 'n M$^{c}$Donald, het saam met swartvroue gebly en ook kinders by hulle verwek.[216] Die meeste van hulle nasate het die gebied reeds verlaat en elders gaan vestig; ander het met die Sotho-sprekendes geassimileer.[217]

Die probleem wat ná die Anglo-Boereoorlog ontstaan het, was dat die meeste inheemse bevolkingsgroepe nie kos gehad het nie en die boere wat arbeiders benodig het, nie geld gehad het om lone te betaal nie. Gevolglik het armoede en hongersnood hulle gedwing om vir 'n bord kos en verblyfreg by die boere, wat ook verarm was, te gaan werk.[218] Die idee wat gevorm word, is dat daar in die Koepel-omgewing 'n gevoel van medemenslikheid in die geledere van die plaasboere was. Almal het gesukkel, maar hulle het diegene wat in nood was met die basiese behoeftes van skuiling en voedsel voorsien.[219] Dit blyk dat hulle onder hierdie omstandighede mekaar gehelp het. Boere wat só deur die oorlog geruïneer is dat hulle nie in staat was om lone te betaal nie, het net twee alternatiewe gehad: óf hulle verkoop hulle plase vanweë die hoë lewenskoste en 'n tekort aan kontant, óf hulle neem hul toevlug tot deelsaaiery in die geval van die plaasarbeiders.[220] 'n Groot hoeveelheid plaaslike swartmense het ook self die

213 F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 76.

214 F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 77, 78.

215 Oorlogstories van sy pa GPA, MO2, S.L. Jansen van Rensburg (83), Helena 2012.11.24.

216 GPA, MO2, T.B. Lourens (65), telefoongesprek 2013.04.11.

217 GPA, MO2, T.B. Lourens (65), telefoongesprek 2013.04.11.

218 Mma-Pooe's family: sharecroppers in L. Callinicos, *Working life, 1886-1940: factories, townships, and popular culture on the Rand*, p. 29.

219 GPA, MO2, S.L. Jansen van Rensburg (82), Helena 2011.05.14.

220 T. Keegen, "The dynamics of rural accumulation in South Africa: comparative and historical perspectives" in *Comparative studies in society and history*, 28(4), October 1986, pp. 637-638.

keuse gemaak om by blankes in diens te tree, hoewel droogte en hongersnood hulle daartoe gedryf het.[221] Hulle kon byvoorbeeld wegtrek na gebiede waar die blanke teenwoordigheid meer gering was;[222] tog het baie verkies om by blanke nedersetters in diens te tree en sodoende letterlik met die een voet in 'n tradisionele kultuur en die ander op die drumpel van die blanke se kultuur te leef.

## Swart verstedeliking

Die ontginning van diamante by Kimberley (1867) en goud aan die Witwatersrand (1886) het 'n behoefte aan ongeskoolde, goedkoop werkers geskep. In 1874 was daar reeds ongeveer 25 000 swart trekarbeiders in die Kimberleyse kampongs en teen 1896 nagenoeg 41 396 swart arbeiders en 7 093 Asiër- en bruin arbeiders in Johannesburg.[223] Groot hoeveelhede swartes is in die ekonomie opgeneem, en trekarbeid is tot die verstedelikingsproses toegevoeg. Dit was ook die geval tydens die goudstormloop in die Koepel-omgewing. As trekarbeiders na die delwerye het duisende ongeskoolde arbeiders in regstreekse aanraking gekom met die Westerse kultuur binne die dorps- en stedelike milieu, wat met verloop van tyd tot hulle verstedelikingsproses gelei het.

Ná die Anglo-Boereoorlog was daar werkloosheid en armoede in die landelike gebiede. Gevolglik het toenemende stootkragte uit die periferie aan die kerngebiede groter suigkrag verleen, wat momentum aan die swart verstedelikingsproses gegee het. Ná 1902 is die beleid ten opsigte van die swart bevolking hoofsaaklik deur twee botsende kragte oorheers, naamlik die blankes se behoefte aan swart arbeid, en die beskerming van die blanke se ekonomiese, sosiale en politieke posisie.[224] Gevolglik het die swart gemeenskappe in die heropbou van Suid-Afrika grotendeels aan die kortste ent getrek. In ooreenstemming met segregasie-gebaseerde beleidsrigtings wat vanaf 1905 in die Britse koloniale gebied in Suid-Afrika en vanaf 1910 in die hele Unie gegeld het, was daar woonplekke vir swartmense in lokasies. Hierdie areas was gewoonlik op die periferie van dorpe en stede geleë, naby die rioolwerke, die ashoop of abattoir

221 W.M. Macmillan, *Bantu, Boer, and Briton*, p. 190.

222 J.S. Bergh, "White farmers and African labourers in the pre-industrial Transvaal" in *Historia*, 55(1), May 2010, p. 27.

223 F.A. van Jaarsveld, *Die Afrikaners se groot trek na die stede: en ander opstelle*, p. 165.

224 P. Smit, "Historiese grondslae van swart verstedeliking in Suid-Afrika" in *South African Historical Journal*, 19(3), Nov, 1987, p. 7; P. Bonner, *Kings, commoners and concessionaires; the evolution and dissolution of the nineteenth-century Swazi state*, p. 70.

(slagpale). Verder was dit ver van die waterwerke, en is daar min voorsiening vir dreinering gemaak. Sanitasie was meestal afwesig en geen basiese dienste is gelewer nie. Dit was voorts oorbevolk en inwoners het in haglike omstandighede gebly.[225] 'n Dorp is as 'n area gesien waar slegs blankes woon, en indien mens nie blank was nie, is jy slegs toegelaat op voorwaarde dat jy 'n bepaalde werk daar verrig.[226]

'n Direkte gevolg van die minerale revolusie en die Anglo-Boereoorlog was 'n grootskaalse bevolkingstoename in die stede. Die getalsterkte van die inheemse bevolkingsgroepe in die Unie (ná 1910) het veroorsaak dat hulle as 'n moontlike bedreiging vir die blankes (die minderheidsgroep) gesien is. Derhalwe is verskillende wette aangeneem, wat as "hoogs-noodsaaklike maatreëls" beskou is.[227] Die blanke regering het gepoog om in daardie stadium die swart gemeenskappe in die stedelike gebiede te beheer deur middel van 'n pas-stelsel. In die Oranje-Vrystaat moes die bruinmense ook 'n pas dra.[228] Ons kan hieruit aflei dat die blankes die Westerse kultuur in hulle dorpe wou handhaaf en verkies het om toegangsbeheer op diegene van elders toe te pas. Die paswette het nie net tot groot opstand aanleiding gegee nie, maar ook bygedra tot die opkoms van swart nasionalisme, die toenemende aandrang op burgerregte, en die gevolglike stigting van die ANC in Januarie 1912.

### Die *Naturellen Grond Wet* (Wet No. 27 van 1913)

Vanaf 1902 tot 1910 is die voormalige Boererepublieke deur 'n Brits-georiënteerde administrasie ten opsigte van grondbesit vervang. Een van die belangrikste wetgewende maatreëls wat deur die Unie-parlement aanvaar is, met betrekking tot grondbesit en die swart gemeenskappe, was die *Naturellen Grond Wet* (Wet No. 27 van 1913).[229] Daarvolgens is bestaande sogenaamde "naturelle

---

225 T.R.H. Davenport, *The beginnings of urban segregation in South-Africa, the Natives (Urban Areas) Act of 1923 and its Background*, p. 7.

226 T.R.H. Davenport, *The beginnings of urban segregation in South-Africa, the Natives (Urban Areas) Act of 1923 and its Background*, p. 14.

227 C.M. de Villiers, Die "African National Congress" en sy aktiwiteite aan die Witwatersrand 1912-1956 (M.A.), p. 20.

228 T.R.H. Davenport, *The beginnings of urban segregation in South-Africa, the Natives (Urban Areas) Act of 1923 and its Background*, p. 10.

229 S.A., *Die Naturellen Grond Wet*, No. 27 van 1913 [Webwerf: http://www.justice.gov.za] [Datum geraadpleeg: 2013.04.01].

gebiede" van die Unie in 'n bylae tot die wet gelys en is die besit van grond deur inheemse bevolkingsgroepe beperk tot hierdie "ingelyste gebiede".[230] Hierdie verbod was nie van toepassing op boere-arbeiders (plakkerdiensbodes) in Transvaal, gevestigde eiendomsregte, bestaande huurkontrakte en deelsaaiers in die Oranje-Vrystaat nie. Gevolglik het groot getalle "naturelle"-plakkers[231] en -deelsaaiers wat nie boere-arbeiders (plakkerdiensbodes) op blanke plase wou word nie, die pad met vee en besittings gevat en na die stedelike gebiede getrek waar daar werk in die myne was.[232] Hulle het in meeste gevalle ontberings verduur en in stedelike lokasies gevestig.[233] Uit 'n blanke oogpunt was dié wet noodsaaklik vir goeie orde (om ongekontroleerde boerderye te stuit).[234] Die inheemse bevolkingsgroepe, daarenteen, het dit as onregverdig, onderdrukkend, en op ekonomiese gebied as 'n ramp beskou,[235] en die betrokke wet het 'n hewige reaksie ontlok.[236]

Hierdie wet, wat mense op rassegrondslag van hulle grond vervreem het, het in werklikheid die grondslag vir die latere tuislandbeleid gelê. Die Tswana is byvoorbeeld onder 'n nuwe regstelsel geplaas. Volgens hierdie stelsel is groot dele van die grondgebied wat die Tswana vroeër bewoon het (stamgrond), verbeurd verklaar, en het die Unieregering plase elders aangekoop (trustgrond) waar swartmense hervestig is.[237] Hierdie hervestigingsbeleid het verset veroorsaak wat oor die lang termyn die groepsverhouding tussen blankes en swartes groot skade berokken het.[238]

230 Let wel: die Koepelgebied was nie deel van hierdie 9 035 032 ha. sogenaamde "Ingelyste gebied" nie.

231 Naturelle (nie-blankes) wat huurgeld vir vestigingsreg op blanke plase betaal het.

232 B. Head, foreword in S.T. Plaatjie, *Native life in South-Africa*, p. x.

233 T. Keegen, "The dynamics of rural accumulation in South Africa: comparative and historical perspectives" in *Comparative studies in society and history*, 28(4), October 1986, p. 647; S.T. Plaatjie, *Native life in South-Africa*, pp. 58-90.

234 M. Letsoalo, *Land reform in South Africa: a black perspective*, p. 31.

235 M. Letsoalo, *Land reform in South Africa: a black perspective*, pp. 30-31.

236 B. Head, foreword in S.T. Plaatjie, *Native life in South-Africa*, p. ix.

237 W. Grönum, Die Difaqane: oorsprong, ontplooiing en invloed onder die Tswana (M.A.), p. 183.

238 S.T. Plaatjie, *Native life in South-Africa*, p. xii.

## Die *Naturellen (Stadsgebieden) Wet* (Wet No. 21 van 1923)

Die onbeheerste toestroming van swart gesinne ná die Eerste Wêreldoorlog, asook die aanvraag na arbeid in die nywerhede ná die resessie van 1921-1922, het die ontstaan van onhigiëniese krotbuurte (plakkerskampe) in en rondom stedelike gebiede van die Unie tot gevolg gehad.[239] Gevolglik was die Wet op Stedelike Gebiede[240] (Wet No. 21 van 1923) daarop gemik om toestande te verbeter en toestroming in die toekoms te vermy.[241] Die betrokke Wetsontwerp het aanvanklik voorsiening gemaak vir die verkryging van eiendomsreg op grond in stedelike lokasies, maar dit is op aandrang van generaal Hertzog deur die Parlement geskrap.[242] Hierdie wet, wat mense op grond van hulle etniese groep (ras) van mekaar geskei het, het destyds groot ontevredenheid en agitasie onder swartmense uitgelok.[243]

## Die *Groepsgebiede Wet* (Wet No. 41 van 1950)

Langs die Vaalrivier binne die studiegebied is geen lokasies of plakkerskampe gevestig nie, maar wel op die omliggende dorpies. Hendrik Potgieter het reeds in 1839 'n stuk grondgebied wes van die Schoonspruit (Potchefstroom) aan die Barolong vir vestiging toegeken, wat as die eerste swart woonbuurt (lokasie) in die binneland beskou kan word.[244] Hierdie grond is in 1859 geïnspekteer en as dorpseiendom omskryf. Dit is aan Machavie se volgelinge as woongebied, met

---

239 K. Eales, "Patriarchs, passes and Privilege" in P. Bonner *et al.* (eds.), *Holding their ground: class, locality and culture in 19th and 20th century South Africa*, p. 107.

240 Oorspronklik die *Naturellen (Stadsgebieden) Wet* (Wet No. 21 van 1923).

241 S.A., *Die Naturellen (Stadsgebieden) Wet*, No. 21 van 1923 [Webwerf: http://www.justice.gov.za] [Datum geraadpleeg: 2013.04.01]; K. Sevenhuysen, "Swart stedelike behuisingsverskaffing in Suid-Afrika, *ca.* 1923-1948: 'Wanneer meer minder kos' — finansiële verliese versus welsyns- en gesondheidswinste"in *New Contree*, 64, July 2012, pp. 105-106.

242 C.M. de Villiers, Die "African National Congress" en sy aktiwiteite aan die Witwatersrand 1912-1956 (M.A.), p. 50.

243 P. Rich, "Managing black leadership" in P. Bonner *et al.* (eds.), *Holding their ground: class, locality and culture in 19th and 20th century South Africa*, p. 183; die latere Shepstone-model het hierná die weg vir segregasie in die 20ste eeu gebaan, veral in die vorm van die Naturelle Administrasie Wet (No. 38 van 1927).

244 G. van den Berg, Potchefstroom se eerste swartwoonbuurt: Machaviestat 1839-1888 in *Contree*, 44, 1993, p. 11.

saaigrond en weidingsregte, toegeken op voorwaarde dat hulle as loonarbeiders vir die staat sou werk.[245] In 1888 is Machaviestat tot lokasie verklaar.

Die Groepsgebiedewet[246] (Wet No. 41 van 1950) was 'n wet wat onder die apartheidstelsel geskep is en wat verskillende dele van residensiële en sakegebiede in stede en dorpe eksklusief aan verskillende rasse toegeken het.[247] Dorpe en stedelike gebiede is deurgaans as wit gebiede verklaar en nuwe swart woonbuurte is aan die buitewyke van blanke stedelike gebiede opgerig, soos byvoorbeeld Ikageng en Promosa in Potchefstroom, Mokwallo in Vredefort en Tumahole in Parys.[248] Gevolglik moes swart arbeiders groot afstande pendel vanuit hul woongebiede buite die dorpe, om te gaan werk (trekarbeiders) of ander sosiale en ekonomiese aktiwiteite uit te voer. Dit is interessant om hierby te noem dat een van die Koepelgrondeienaars meen dat alle arbeiders vroeër jare nie op die plase wou slaap nie, uit vrees vir wildediere ("tiere" en leeus) en spoke.[249] Hierdie groep het meestal verkies om tussen die lokasie en die betrokke plase te pendel. Die betrokke wet is ná 41 jaar (op 5 Junie 1991) saam met die bogenoemde Wet op Naturellegrondgebied (Wet No. 27 van 1913) afgeskaf.

### Die Wet op Bantoe-owerhede (Wet No. 68 van 1951)

Die beleid van afsonderlike ontwikkeling van die Nasionale Party-bewind (1948) wou swartmense se bewegings tot sekere gebiede beperk. Die Wet op Bantoe-owerhede (Wet No. 68 van 1951) het die grondslag gelê vir die tuislandbeleid.[250] Tuislandgebiede is op grond van mense se etniese identiteit geskep en gedwonge verskuiwing van nie-wit Suid-Afrikaners het hierop gevolg. Verskeie Tswana-groepe is verskuif, onder andere die Baralong-nasate van Machaviestat buite

---

245 G. van den Berg, Potchefstroom se eerste swartwoonbuurt: Machaviestat 1839-1888 in *Contree*, 44, 1993, p. 16.

246 Aanvanklik as twee woorde gespel.

247 S.A., *Die Wet op Groepsgebiede, No. 41 van 1950* [Webwerf: http://www.worldcat.org/title/uiteensetting-van-die-wet-op-groepsgebiede] [Datum geraadpleeg: 2013.04.01].

248 Anon., *Potchefstroom history timeline* [Webwerf: www.potchefstroominfo] [Datum geraadpleeg: 2012.08.19]. CSG, *Klipspruit 64 IQ Parys 935/1959* [Website: http://csg.dla.gov.za] [Accessed: 2011.10.12].

249 S.L. Jansen van Rensburg,"Belewenisse in die Vredefortkoepel", p. 78.

250 S.A., *Die Wet op Bantoe-owerhede*, No. 68 van 1951 [Webwerf: http:// www.saflii.org] [Datum geraadpleeg: 2013.04.01].

Potchefstroom.[251] Om die tuislandbeleid tot uitvoer te bring, is sommige inwoners 120 km verder na Rooigrond by Mafikeng (voorheen Bophuthatswana) verskuif, en ander na Ikageng, die lokasie by Potchefstroom.[252] In 1995, ná meer as 20 jaar en verskeie hofsake, het 20 oud-inwoners van Machaviestat wat onder dwang verskuif is, weer met die nodige toestemming na hul grondgebied getrek.

### Streeksdiensterade

Die plaaslike besture wat in die vorige bedeling as agent van die regering gedien het, moes in die 1980's, as deel van die voortgesette tuislandbeleid, na die welsyn van mense wat in digte nedersettings omsien.[253] Gedurende 1985-1986 het die plaaslike bestuur subsidies aan boere betaal om huisvesting vir hul werkers te bou, met die oogmerk om arbeiders op die plase te hou en sodoende die druk op dorpslokasies te verlig.[254] Dit het nie geslaag nie, want die dorp was aantrekliker en die salaris op die plase minder as in die dorpe. Die werkershuise wat met geld van die streeksdiensterade in die 1990's op plase gebou is as inisiatief om plaaswerkers op die plase te behou, het egter saam met die werkers dorp toe verhuis, eerste die sink, dan die balke, deure en vensters.[255] Al wat van hierdie huise op plase (ook in die Koepel-omgewing) oor is, is die mure wat bly staan het.

### Die Grondwet van die R.S.A. (Wet No. 108 van 1996)

Ná die demokratiese verkiesing van 1994 het die African National Congress (ANC) aan bewind gekom. Tydens die verkiesingsveldtog is etnisiteit vir politieke gewin gebruik, soos beloftes om mense se lewensomstandighede te verbeter, waarby etniese bande nie noodwendig sterk aanwesig was nie. Deel van die implementering van die Grondwet van die R.S.A. (Wet No. 108 van 1996) was die

---

251 M. Naudé, "Beyond the frontier history of the Vredefort Dome Area" in W.U. Reimold & R.L. Gibson, *Meteorite impact! The danger from space and South Africa's mega-impact, the Vredefort structure* (2009), p. 199.

252 M. Naudé, "Beyond the frontier history of the Vredefort Dome Area" in W.U. Reimold & R.L. Gibson, *Meteorite impact!* p. 199; Anon., *Ikageng, Potchefstroom History, Potchefstroom Herald* [Website: www.potchefstroomherald.co.za/localguide.aspx] [Accessed: 2012.08.19].

253 S. Bekker, "Plaaslike bestuur in hedendaagse Suid-Afrika: 'n Sosiologiese evaluering" in *South African Journal of Sosiology*, 19(1), 1988, p. 26.

254 S.L. Jansen van Rensburg, "Belewenisse in die Vredefortkoepel", p. 94.

255 S.L. Jansen van Rensburg, "Belewenisse in die Vredefortkoepel", p. 94.

regering se hervormingsplanne om bepaalde wantoestande of probleme uit die weg te ruim, regverdige arbeidswetgewing daar te stel en armoede te verlig.[256] Huise,[257] pensioene en toelaes asook drinkwater en spoeltoilette[258] is mettertyd aan kiesers verskaf. Baie plaaswerkers uit die Koepel se landelike omgewing het ná 1996 agter die belofte van ’n huis en staatstoelae aan, na stedelike lokasies (townships) getrek.[259]

Die regering het sedert 2008 busvervoer na sommige plaasskole in die Koepel opgeskort en sommige skole gesluit, tot nadeel van die bruin gemeenskap.[260] Inwoners van die omgewing het ’n tyd lank die 20 kinders van Mponeng Primêre Skool (te Koedoeslaagte), wat sonder vervoer was, met ’n bakkie skool toe geneem, voordat die staat die betrokke vervoerkontrak weer met die eienaar van die bussie hernu het.[261] ’n Aantal Afrikaanssprekende bruin kinders het na die naburige township-skole geskuif waar hulle in Sotho, ’n taal wat nie deur almal van hulle goed verstaan is nie, onderrig ontvang het.[262] Die moeders en kinders het na die township getrek, wat ’n verdere las op die woningtekort in die Parys- en Vredefortse townships geplaas het. Die trek na die stede het verskeie sosio-politieke probleme geskep. In sommige gevalle het die vader in die week op die plaas ingebly en dan naweke na sy familie gependel, terwyl ander manlike plaasarbeiders verkies het om daagliks plaas toe te pendel, sodat hulle by hul gesin in die township kon woon.[263] Die gevolg was dat die townships in Parys en Vredefort ’n geweldige behuisingstekort beleef en dienslewering swak en by tye volkome wanfunksioneel is.[264] Die inwoners van die township Mokwallo het soms drie dae lank geen water nie, wat veroorsaak dat toilette verstop, en inwoners nie

256 S.A., *Die Grondwet van die R.S.A. Wet No. 108 van 1996* [Webwerf: www.education.gov.za], [Datum geraadpleeg: 2013.04.01].

257 Die huise aan begunstigdes van die regering se beleid van Opheffing en Ontwikkeling staan bekend as RDP-huise (Reconstruction and Development Programme).

258 Sedert 2008 in Mandela township, Vredefort GPA, MOVP, E. Phadi (16), Mandela township, Vredefort 2008.06.06.

259 S.L. Jansen van Rensburg,“Belewenisse in die Vredefortkoepel”, p. 94; GPA, MO2, P.A. Gericke (69), Eerste Geluk 2011.02.10.

260 GPA, MO2, S. Mokone (21), Venterskroon 2010.11.27.

261 GPA, MO2, F.C. Conradie (26), Takwasa 2011.07.30; GPA, MO2, S. Mokone (21), Venterskroon 2010.11.27.

262 GPA, MO2, G. van Greuning (54), Parys 2008.06.04.

263 GPA, MOVP, B. Thwane (62), Steenkampsberg 2008.06.04.

264 GPA, MOVP, A. Manyandi (27), Parys 2008.06.02; GPA, MOVP, B. Thwane (62), Steenkampsberg 2008.06.04.

kan was of kook nie.[265] Dit blyk ook die geval in Tumahole te wees.[266] Soms word die krane deur inwoners in die township gesteel om as afvalmetaal verkoop te word, dan het die mense ook nie water nie.[267] Dit blyk dat die regering die plaaswerkers en hul gesinne na die townships getrek het, maar nie dienste kon lewer nie, terwyl diefstal (soos byvoorbeeld van die krane) die regering se hulp in die townships belemmer. Met uitsondering van die protesaksies in Potchefstroom se lokasies wat sedert 1904 voorkom,[268] was die swart versetbewegings vroeër hoofsaaklik onder die intellektueles in die Johannesburg-Witwatersrand-omgewing gesentreer.[269] In die periode 1967-1977 het die versetbeweging verskuif na die jeug en studente, wat groot groepe gemobiliseer het.[270] Protesoptogte vir beter dienslewering het egter vanaf 2008 – soos elders in die land – ook na die Koepelarea (Tumahole en Mokwallo) wat oorwegend 'n landelike omgewing is, verskuif.[271]

Nie alle plaaswerkers wil na die townships trek nie. Op sommige plase is die werkers se verblyf van so 'n aard dat hulle nie in die township wil gaan bly nie. Een van die werkers op Nooitgedacht meen dat die plaaseienaar (G.P. Schoeman) alles wat hy benodig aan hom voorsien en dat hy lekker op die plaas bly.[272] Alhoewel hy bang is om in die rivier te swem, is dit vir hom 'n aangename ervaring om onder die bome langs die rivier te sit en na die stroom te kyk; dit laat hom goed voel.[273] Dit is merkbaar uit onderhoude met twee werkers dat hulle 'n goeie verhouding met die plaaseienaar het, en dat hulle die plaaslewe verkies bo dié van die township of dorp of stad.[274] Hierdie mans (beide Xhosa-sprekend) is ook trots daarop dat hulle voorsate deel van die pioniersgesinne was wat uit die Kaap

265 GPA, MOVP, B. Thwane (62), Steenkampsberg 2008.06.04.

266 GPA, MOVP, A. Manyandi (27), Parys 2008.06.02.

267 GPA, MOVP, C. Sehume (19), Mandela Township, Vredefort 2008.06.06.

268 F.N.S. Jansen van Rensburg, "Protest by Potchefstroom native location's residents against dominance, 1904 to 1950" in *Historia*, 57(1), May 2012, p. 22-24.

269 A. Marx, *Lessons in struggle: South African internal opposition, 1960-1990*, p. 11.

270 M.V. Mzamane *et al.*, "The Black Consciousness Movement" (Nelson Rolihlahla Mandela, Steve Biko Memorial Lecture, 10 September 2004), p. 157.

271 Anon. "Protesoptog teen waterbesoedeling: inwoners oorhandig memorandum" in *Noord-Vrystaatse Gazette*, 2008.09.02, p. 5; Anon., *Mokwallo Vredefort residents protest* 2012.05.13 [Website: http://www.iolnewsmay2012/iol.co.za] [Accessed: 2013.03.10].

272 GPA, MO2, S. Dibe (48), Venterskroon 2010.11.27.

273 GPA, MO2, S. Dibe (48), Venterskroon 2010.11.27.

274 GPA, MO2, S. Dibe (48), Venterskroon 2010.11.27; GPA, MO2, J. Vis (43), Venterskroon 2010.11.27.

getrek het.[275] Mnr. Dibe se voorgeslagte het saam met die natrekkers uit die Oos-Kaap getrek en op Modderfontrein in die Vredefort-omgewing saam met die blanke familie gevestig; hy is die eerste geslag op Nooitgedacht.[276] Mnr. Vis se familie het aanvanklik op Leeuwfontein in die Ventersdorp-distrik gebly, voordat hulle in 1975 na Nooitgedacht verhuis het.[277] As kind het hy saam met die plaasboer se kinders in die rivier gespeel. Hulle het by Schoemansdrift se brug aan die bome se lae takke geswaai en dan in die water gespring, of op stompe in die rivier geswem. Dit was vir hom "lekker dae".[278] By die Imperial Inn op Venterskroon is 'n algemene werker wat op die buurplaas Takwasa grootgeword het.[279] Hy versorg die hotel se tuine en pas die perseel op, maar in sy vrye tyd verkies hy om by die rivier te vertoef. As hy tyd het, gaan sit hy vir ontspanning by 'n "mooi koel plek onder die bome" langs die rivier. As dit warm is, en die water nie na riool ruik nie, swem hy graag alleen in die rivier. Hy het nie 'n behoefte om te trek nie en is tevrede met sy blyplek.[280]

Die werkers se trek na die stede is baie kompleks. Daar is verskeie trekfaktore, nie net die regering se verkiesingsbeloftes en die skole vir die kinders nie. Die landelike gebied in die Koepel-omgewing het verskeie stootfaktore wat die arbeiders se verstedelikingsproses versnel het. Dit blyk dat daar 'n groep ouerwordende grondeienaars op die Koepelplase bestaan, wat nie die minimum-lone[281] volgens die arbeids-wetgewing kan betaal nie en verkies om eerder sonder werkers oor die weg te kom.[282] Daarby is daar 'n merkbare afname in landboubedrywighede, veral op die eenhede waar daar vroeër water vir besproeiing uit die rivier onttrek is, met 'n dienooreenkomstige afname in

---

275 GPA, MO2, J. Vis (43), Venterskroon 2010.11.27; GPA, MO2, S. Dibe (48), Venterskroon 2010.11.27.

276 GPA, MO2, S. Dibe (48), Venterskroon 2010.11.27.

277 GPA, MO2, J. Vis (43), Venterskroon 2010.11.27.

278 GPA, MO2, J. Vis (43), Venterskroon 2010.11.27.

279 GPA, MO2, S. Mokone (21), Venterskroon 2010.11.27.

280 GPA, MO2, S. Mokone (21), Venterskroon 2010.11.27.

281 Dit is nodig om hierby te noem dat dit nie net die landelike grondeienaar was wat aanpassings moes maak as gevolg van wysigings in die arbeids-wetgewing, in besonder dié oor die daarstel van minimum-lone, nie. Ook besighede in Parys se dorpsgebied moes noodgedwonge werkers verminder om aan die genoemde vereistes te kan voldoen GPA, MO2, C. Gluchowski (56), Parys 2011.01.26.

282 GPA, MO2, P.A. Gericke (69), Eerste Geluk 2011.02.10; GPA, MO2, S.L. Jansen van Rensburg (81), Helena 2010.05.05; (82), 2010.09.29; GPA, MO2, P.J. Pienaar (73), Tijgerfontein 2011.03.19.

seisoenwerkers.[283] Waar landerye voorheen geploeg is, lê die grond braak, of word dit vir ander doeleindes aangewend.[284] Die verandering wat in grondbenutting plaasgevind het, by name wildsboerdery en toerisme, is minder arbeidsintensief en minder werkers word benodig.[285] Verder het die ouerwordende plaaswerkers wat nog volgens wet oor verblyfreg op die plase beskik, 'n vervoerprobleem om maandeliks hulle staatspensioen af te haal of by die kliniek hul chroniese medikasie te kry.[286] Dit is bloot vir hulle geriefliker om by die kinders in die township, waar vervoer is en wonings met elektrisiteit, warm water en 'n spoeltoilet voorsien is, te gaan bly.[287] In sommige gevalle het die verbrokkeling van goeie verhoudings tussen plaaswerkers, of tussen die plaaseienaar en 'n arbeider, veroorsaak dat laasgenoemde uit vrye wil besluit het om 'n ander werk te soek.[288]

### Veiligheid op plase

Die Koepelplase is in 'n beskermde omgewing en redelik veilig. Grondeienaars en plaaswerkers ken mekaar, en indien 'n vreemdeling opgemerk word, word daar navraag gedoen en inligting oor en weer uitgeruil.[289] Hulle kommunikasie-netwerk is besonder goed, en daar is net 'n paar uitgange uit die Koepelkern wat maklik afgesper kan word. Gevolglik word diewe telkens gevang.[290] Verder is die meeste plase in die Koepel-omgewing ver van die hoofpaaie, en mens moet ver reis om daar te kom. Tog is die ouer inwoners weerloos. Daar is nie hoë heinings en lemmetjiesdraad om hulle teen onverwagse aanvalle te beskerm nie.

Dr. C.F. Reinecke wat in November 2012 op sy plaas Riverside aangeval is,[291] het byvoorbeeld drie vreemde mans op die plaaspad sien loop toe hy van

283 GPA, MO2, H. van Wyk (54), Baskop 2011.03.05; GPA, MO2, P.A. Gericke (69), Eerste Geluk 2011.02.10.

284 GPA, MO2, J. Viljoen (53), Chazen 2010.11.03.

285 GPA, MO2, J. Viljoen (53), Chazen 2010.11.03.

286 GPA, MO2, P.A. Gericke (69), Eerste Geluk 2011.02.10.

287 GPA, MO2, P.A. Gericke (69), Eerste Geluk 2011.02.10.

288 GPA, MOVP, B. Thwane (62), Steenkampsberg 2008.06.04.

289 GPA, MO2, P. Kemp (48), SUNWA 2011.05.25; GPA, MO2, S.G. Jansen van Rensburg (42), Kromdraai 2010.08.25; GPA, MO2, T.B. Lourens (63), Venterskroon 2011.05.25; GPA, MO2, H. van Wyk (54), Baskop 2011.03.05.

290 Anon., "Arrestasies 'n deurbraak vir plaasaanvalle in distrik" in *Parys Gazette*, 2012.11.22.

291 Anon., "Arrestasies 'n deurbraak vir plaasaanvalle in distrik" in *Parys Gazette*, 2012.11.22.

Potchefstroom na sy plaas teruggery het. Hy het gewonder wat die vreemde mans so tussen "niks en nêrens" soek, maar besluit dat die land aan alle mense behoort, vryheid van beweging 'n grondwetlike reg is, en nie alle vreemdelinge noodwendig skelms of rowers is nie. Hy het hulle gegroet en aangery; min het hy geweet dat hulle hom sou dophou, wag dat hy alleen is, aanval, vasbind en beroof.[292] Die individu se reg op lewe word nie deur almal gerespekteer nie, en die plaasmoorde in die Koepelarea getuig daarvan.[293] Jan Greef (78), wat met groente op Mooihoek geboer het, was op 21 September 1994 die eerste boer wat in die Koepelgebied vermoor is.[294] Verskeie moorde en aanrandings van grondeienaars het daarop gevolg.[295] Veediefstalle is vir Koepel-inwoners 'n groter bron van ergenis.[296] Werkloosheid, misdaad en afwesige polisie is sedert 2008 'n wesentlike probleem in die townships,[297] dit spoel oor na die landelike gebiede. Dit blyk dat sommige werklose individue oppertuniste is, wat 'n geleentheid soek om onskuldige mense, soos Chris Reinecke, te beroof vir hul persoonlike finansiële gewin.

**Kerke in die Koepelarea**

Die belangrikste rede vir geestelike eenvormigheid onder die trekkers was hulle godsdienssin en spesifiek hul gebondenheid aan die Bybelse voorskrifte. Verder het die Calvinistiese geloofsbeskouing van hulle 'n roepingsbewuste groep mense gemaak, soos blyk uit die herhaalde versoeke aan die Kaapse Kerk om leraars na

---

292 C. Reinecke, Spreekbeurt tydens NWU Sentrum vir omgewingsbestuur (Theuns Meyer, Dirk Cilliers, Hennie Coetzee & Simone Kriek), Vredefortkoepel-wêrelderfenisgebied omgewingsbestuursraamwerk (Environmental Management Framework) belangegroepvergadering, Kommandonek, 2012.11.24.

293 Dirk Hermann, adjunk-uitvoerende hoof van Solidariteit en seun van 'n Koepelgrondeienaar (Jakkalsdraai) in die Venterskroon-omgewing, het 'n boek saam met generaal-majoor Chris van Zyl saamgestel en gepubliseer *Treurgrond - 20 jaar van plaasaanvalle in Suid-Afrika* (Kraal-uitgewers, 2011).

294 S.L. Jansen van Rensburg, "Handgeskrewe geskiedenis van die Koepelplase" Bet-El, p. 1.

295 Gordon Bowie (25 Jan. 1995) op Buffelshoek, Jan Bredenkamp (11 Sept. 2001) op Lindekweesfontein, At Botha (24 Des. 2000) op Deelkraal en Johan Strydom (15 Mei 2010) van Buffelshoek Anon. "moord was 'wreed' en 'ongenaakbaar' in *Parys Gazette*, 2011.03.17; Chris Reinecke van Riverview in Des. 2012 in Anon., "Arrestasies 'n deurbraak vir plaasaanvalle in distrik" in *Parys Gazette*, 2012.11.22.

296 GPA, MO2, S.G. Jansen van Rensburg (42), Kromdraai 2010.08.25;

297 GPA, MOVP, A. Manyandi (27), Parys 2008.06.02.

die binneland te stuur.[298] Uit 'n "herderlike brief" van die Sinode (1837) blyk dit dat die Kaapse Kerk 'n kritiese en veroordelende houding teenoor die Voortrekkers gehad het, en hulle selfs met die Israel van ouds vergelyk het.[299]

> *Te Regt bedroeft zich de Synode over den tegenwoordigen toestand van zoo vele Ledematen der Hervormde Kerk, die hunne haardsteden en altaren hebben verlaten, zonder een Mozes en Aaron de woestyn introkken, en zonder belofte of aanwyzing thans een Canaan voor zich opzoeken.*[300]

Die Kerk in die Z.A.R. se beleid het grotendeels ooreengestem met dié van die staat (Z.A.R. se Grondwet). Volgens Art. 9 is bepaal dat

> *Het volk wil geene gelykstelling van gekleurden met blanke ingezetene toestaan, noch in kerk noch in staat...* [301]

en in Art. 20 is bepaal dat

> *de Nederduitsch-Hervormde Kerk zal de kerk van den Staat zyn.*[302]

Oor die kerk se gesag sê Art. 23:

> *Het volk erkent geen ander kerkelyk gezag, dan dat, wat door de kerkenraden zyner Nederduitsch-Hervormde gemeenten is of wordt goedgekeurd, aangenomen en vastgesteld.*[303]

Uit die bepalings van die grondwet kan afgelei word dat geloofsoortuigings in wetgewing toegepas is en dit ook assimilasie tussen die verskillende etniese groepe gestuit het. Herhaalde botsings met Xhosas op die Kaapse oosgrens het tussengroepse skakeling ingeperk en tot 'n "etniese segregasie" aanleiding gegee.[304] Daarby het sommige trekkers die gelykstelling van die slawe (heidene) aan die Kaap met die sogenaamde "blankes" as "teenstrydig" met sowel die "wette van God as met die natuurlike onderskeid van afkoms en geloof" gesien,

---

298 A. Dreyer, *Die Kaapse Kerk en die Groot Trek*, pp. 10-22.

299 A. Dreyer, *Die Kaapse Kerk en die Groot Trek*, p. 3.

300 A. Dreyer, *Die Kaapse Kerk en die Groot Trek*, p. 3.

301 J.H. Breytenbach (red.), Notule van die Volksraad van die Z.A.R. 1854-1855 in *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, Z.A.R., 3, p. 497.

302 J.H. Breytenbach (red.), Notule van die Volksraad van die Z.A.R. 1854-1855 in *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, Z.A.R., 3, p. 498.

303 J.H. Breytenbach (red.), Notule van die Volksraad van die Z.A.R. 1854-1855 in *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, Z.A.R., 3, p. 498.

304 A.G. du Toit & L. Steenkamp, *Die dagboek van Anna Steenkamp en fragmentjies oor die Groot-Trek*, p. 11; GPA, MO2, J.H. Naudé (86), Potchefstroom 2011.05.07.

en as 'n bedreiging vir die suiwerheid van hul geloof en leer.[305] Hierdie beskouing, wat deur die meeste trekkers gehuldig is, het 'n merkbare invloed op die verhouding tussen die emigrant-boere en ander etniese groepe in die binneland gehad, en oorgespoel na die kerkweë en die staat in die Boererepublieke.

In 1842 is die eerste gemeente van die Hervormde kerk (*Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika* wat die eerste staatskerk van die Z.A.R. was)[306] op Potchefstroom gestig.[307]

Die Hervormde Kerk, die oudste blanke kerk in Transvaal, was aanvanklik die enigste kerkgroep in die Koepel-omgewing.[308] Dit is te verstane, aangesien Potchefstroom teen 1862 nog sterk Hervormd was.[309] Die Hervormde kerkgenootskap se gemeente is op 7 Julie 1888 op Venterskroon gestig.[310] Die oorspronklike kerkgebou is tydens die Anglo-Boereoorlog as 'n perdestal vir die Britse soldate gebruik en teen die einde van die oorlog afgebrand.[311] Die kerkgebou wat vandag daar staan, is die tweede een wat opgerig is. Hierdie kerkterrein en -gebou is deel van die dorpie, en beskik oor oornag-fasiliteite vir kerkjeug-kampe.[312] Die huidige Hervormde predikant, wat sedert 1966 die Venterskroon-gemeente bedien, woon op Potchefstroom, en elke eerste en derde Sondag van die maand word 'n erediens gehou. Net blankes woon die eredienste by.[313] Hy skets sy lidmate as godvresend, baie konserwatief, en met 'n sin vir wet

---

305 A.G. du Toit & L. Steenkamp (reds.), *Die dagboek van Anna Steenkamp en fragmentjies oor die Groot-Trek*, p. 11.

306 Volgens die Grondwet van die Z.A.R. (1858) Art. 20, J.H. Breytenbach (red.), Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek 1854-1858 in *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, Z.A.R., 3, p. 498, sou die Nederduits-Hervormde Kerk die kerk van die Staat wees. Let wel: Die gemeente in Rustenburg wat gekant was teen die sing van gesange het Ds. Dirk Postma 'n Gereformeerde leraar uit Nederland as hulle predikant beroep en op 1859.02.11. afgeskei van die Hervormde Kerk in J.P. Jooste, *Die Geskiedenis van die Gereformeerde kerk in Suid-Afrika 1859-1959*, pp. 46, 48, 60, 61.

307 A.D. Pont, *Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika: kerkgeskiedenis*, afd. 2, pp. 38, 40; die gedenkplaat by die Hervormde Kerkgebou op Kerkplein in Kerkstraat (tans Walter Sisulustraat), Potchefstroom terreinbesoek: Potchefstroom 2011.05.07.

308 GPA, MO2, J.H. Naudé (86), Potchefstroom 2011.05.07.

309 O.J.O. Ferreira, *Stormvoël van die Noorde*, p. 266.

310 GPA, MO2, J.H. Naudé (86), Potchefstroom 2011.05.07.

311 GPA, MO2, J.H. Naudé (86), Potchefstroom 2011.05.07.

312 Sondagskool- en leierskampe word ook elders in die omgewing soos op Takwasa (Venterskroon) en Donkervliet (Koedoeslaagte) gehou.

313 GPA, MO2, T.B. Lourens (63), Venterskroon 2011.05.25; GPA, MO2, J.J. Landman (75), Koedoeslaagte 2011.03.02.

en orde.[314] Verder handhaaf hulle oor die algemeen goeie sedelike gewoontes en hou hulle daagliks huisgodsdiens, en leef volgens die Bybelse voorskrifte van die *Tien gebooie*.[315] Daarby was die ouer geslag gelowige Koepel-inwoners baie konserwatief en het 'n doelbewuste poging aangewend om hulle kultuur te behou, wat 'n maatskaplike uitsluiting van die anderskleurige bevolkingsgroepe tot gevolg gehad het.[316]

Oorkant die Vaalrivier, op Fonteinplaas, het ene mnr. Leslie 'n kerkie gebou, wat sy eie geskiedenis het.[317] Die gebou wat die "tabernakel" genoem is, het vroeër aan die Wederdopers[318] (Apostoliese kerkgenootskap) behoort. Dié groep, wat groot waarde aan die werking van die Heilige Gees en die onderdompeling tydens die bekeringsdoopgeleentheid geheg het, se doop-plek was op die walle van die rivier op hierdie plaas. In 1962 is 'n nuwe Apostoliese gemeente op Vredefort gestig.[319] Die meeste lidmate van laasgenoemde kerkgenootskap het as gevolg van die koop van motorkarre eerder eredienste op Vredefort bygewoon; gevolglik het die tabernakel 'n ruk lank leeg gestaan.[320] Mnr. J. Naudé, die eienaar van die plaas in die 1970's, het daarna die kerkie aan sy werkers vir kerkdienste beskikbaar gestel.[321] As gevolg van die verstedeliking van plaasarbeiders uit die omgewing het die kerkie in onbruik verval. Sedert 2007 word daar vir die plaaswerkers van die Venterskroon-omgewing by 'n skuur agter die winkel kerk gehou.[322] Etniese segregasie bestaan op kerklike gebied in dié area.

---

314 GPA, MO2, J.H. Naudé (86), Potchefstroom 2011.05.07.

315 GPA, MO2, T.B. Lourens (63), Venterskroon 2011.05.25; GPA, MO2, J.J. Landman (75), Koedoeslaagte 2011.03.02; GPA, MO2, J.H. Naudé (86), Potchefstroom 2011.05.07.

316 GPA, MO2, T.B. Lourens (65), telefoongesprek 2013.04.11.

317 S.L. Jansen van Rensburg," Handgeskrewe geskiedenis van die Koepelplase" Grootfontein en Fonteinplaas, p. 1.

318 Die meeste lidmate is as kinders gedoop en na hulle bekering weer gedoop, vandaar die word "wederdopers".

319 Anoniem, "AGS Vredefort vier 50 jaar" in *Parys Gezette*, 2012.11.22, p. 5.

320 S.L. Jansen van Rensburg, "Handgeskrewe geskiedenis van die Koepelplase" Grootfontein en Fonteinplaas, p. 1.

321 S.L. Jansen van Rensburg, "Handgeskrewe geskiedenis van die Koepelplase" Grootfontein en Fonteinplaas, p. 1.

322 Anon., "Kerkdienste vir plaaswerkers" in *Impak*, 2, 2011, p. 3.

## Europese gemeenskappe

Die mense wat hulle aan die Kaap gevestig het, was soos reeds genoem, meestal uit Nederland, Duitsland en Frankryk afkomstig. Inligting oor die gebruike, gewoontes en strukture van die karakter van die Nederlandse koloniste aan die Kaap, vroeë inwoners van die binneland, en die inboorlingstamme, asook die plante, diere en minerale rykdom van suidelike Afrika is beskryf in die joernale, dagboeke en reisbeskrywings van vroeë reisigers deur suidelike Afrika.[323] Volgens J.A. Heese was die samestelling van die herkoms van die Afrikaner in die periode 1807 tot 1867 soos volg: Nederlanders 36,8%, Duits 35%, Frans 14,62%, nie-blank 7,2%, ander 2,9%, Brits 5,2% en onbekend 3,5%.[324] Die binnekoms van 'n groot aantal mense uit ander wêrelddele het eise aan die gevestigde strukture gestel en die pioniers moes hulle aanpas by vreemde omstandighede. In 1851 is dit reeds nodig geag om wetgewing rakende gelyke regte aan alle uitlanders en vreemdelinge in die oor-Vaalse gebied, in te stel.[325] Dit is 'n aanduiding dat die Boere op daardie tydstip verplig was om die immigrante in hul omgewing te aanvaar. 'n Regstreekse resultaat van die ontdekking van goud aan die Witwatersrand was 'n ongekende bevolkingsgroei in die geledere van die blanke bevolking. 'n Groot aantal individue het vanuit alle wêrelddele na die Z.A.R.

---

323 A.U. de Mist, *Diary of a journey to the Cape of Good Hope and the interior of Africa in 1802 and 1803*. (Balkema, Cape Town, 1954); W.B.E. Paravicini di Capelli, *Reize in de binnen-landen van Zuid-Africa gedaan in den Jaare 1803*, uitgegee en toegelig met inleiding, voetnote, sketskaarte en verkorte weergawe in Engels deur W.J. de Kock (Van Riebeeck-Vereniging, Kaapstad, 1965); E.C. Godée Molsbergen, *Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse tijd* (Martinus Nijhoff's-Gravenhage, 1976); H. Lichtenstein, *Reizen in het zuidelijk gedeelte van Afrika, in de jaren 1803, 1804, 1805 en 1806* (Blusse & Van Braam, Dordrecht,1818), vertaal as: *Travels in Southern Africa, in the years 1803, 1804, 1805, and 1806*. (H. Colburn, London, 1812-1815); J. Barrow, *Travels into the interior of Southern Africa* (Cadell and Davies, London, 1806); W.J. Burchell, edited by H. Clem *Selections from Travels in the interior of Southern Africa* (Oxford University Press, London, 1938); J. Campbell, *Travels in South Africa, undertaken at the request of the Missionary Society* (Parry Black, London, 1815); W.C. Harris, *The wild sports of Southern Africa, being the narrative of an expedition from the Cape of Good Hope, through the territories of the chief Moselekatse, to the Tropic of Capricorn* (Murray, London, 1839); F.R. Bradlow, *Portraits of the game and wild animals of Southern Africa* (Read Press, Mazoe, 1976); V.S. Forbes, *Pioneer travelers of South Africa, a geographical commentary upon routes, records, observations and opinions of travelers at the Cape, 1750-1800* (Balkema, Cape Town, 1965); C.I. Latrobe, *Journal of a visit to South Africa in 1815 and 1816, with some account of the missionary settlements* (Struik, Cape Town, 1969); T. Pringle, *Narrative of a residence in South Africa (1)* (Doppler Press, London, 1834).

324 J.A. Heese, "Die Herkoms van die Afrikanervolk" in P.W. Grobbelaar (red.), *Die Afrikaner en sy Kultuur (1): mens en land*, p. 52.

325 A.N. Pelzer, *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek (1): wordingsjare*, p. 218.

gestroom en sommiges het ook in die Vrystaat hulle fortuin kom soek. Verder het die toekenning van grond, volgens die leningstelsel, waarvolgens die staat grond gratis aan blankes toegeken het, in ruil vir die onderneming dat hulle permanent daarop woon en 'n vaste struktuur sou bou, blankes na die binnelandse streke gelok. Nadat die burgerreg tot grond in die Z.A.R. in 1866 opgeskort is, het grondpryse gestyg en is spekulasie aangewakker.[326] Grond het meestal die teiken geword van mense wat as spekulante en groot grondbesitters betrokke was by die ontginning van goudbronne in die binneland – soos ook die geval op die Potchefstroomse goudvelde.[327]

**Nederlanders en Duitsers**

Gedurende die 18de eeu het talle Duitse reisigers ekspedisies na die binneland onderneem om die land te verken.[328] Plante, sade en insekte is versamel en monsters is na Europa gestuur.[329] Die meeste Duitse stamouers was egter soldate, matrose en amptenare wat hulle gedurende verskillende tydvakke aan die Kaap gevestig het. In 1857, na die Krimoorlog in Europa, het 'n groep Duitse soldate hulle in die Oos-Kaap gevestig, waarna daar in 1858 en 1859 nog Duitse immigrante gevolg het.[330] Hulle was oorwegend manlik en alleenlopend, het uit die staanspoor met vrouens van Nederlandse en Franse afkoms in die huwelik getree, en is met verloop van tyd binne laasgenoemde volksgroepe geassimileer. 'n Mens behoort nie uit die oog te verloor dat die oorspronklike emigrant-boere hoofsaaklik van Germaanse (Nederlandse en Duitse) oorsprong afgestam het nie. Dit blyk uit die familiename van die vroeë plaasuitgifte, "land certificate", grondbriewe en onderverdelings van die Koepelplase noord en suid van die Vaalrivier.[331] Die Vrystaatse plase is deur die volgende families betrek: Van Niekerk, Raath, Jansen van Vuuren, Koen, Bloem en Kotze (Stinkhoutboom), Schoeman (Rhebok kop en verskeie ander plase), Greef, Henning en Bouwer

326 T.R.H. Davenport, *South Africa – a modern history*, p. 76.

327 Kyk ook hoofstuk 3.

328 Byvoorbeeld P. Kolb, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop. Alles, geduurende een lang verblyf aan de gemelde Kaap, na waarheit beschreven* (1719); O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope* (1784-1787); M.H.K. Lichtenstein, *Reisen im Südlichen Africa, in den jahren 1803, 1804, 1805 und 1806* (1811-1812).

329 A.J. Böeseken, "Die Kompanjie en sy onderdane" in C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p. 74.

330 J.A. Heese, "Die Herkoms van die Afrikanervolk" in P.W. Grobbelaar (red.), Die Afrikaner en sy Kultuur (1): mens en land, p. 76.

331 VAB, AKT, landregister Kroonstad [2/1/1/98-102].

(Deelfontein), Jansen, Claassen, Nel, Mentz, Botha en Delport (Doornhoek), Gutcher en Steyn (Sweet Home), Engelbrecht (Nooitgedacht), Van Niekerk, Grobler, Hattingh (Mooiplaats), Venter, Schoeman, Jamnik, Kleynhans, Greef, Wagner en Geldenhuys (Aasvogelrand), Botha (De Vaal), Wagner, Steyn en Scheepers (Schurwedraai), Geere, Scheepers, Preller, Pretorius, Stols, Muller, Hattingh, Zeelie, Lottering, De Kock, Botha, Stols, Pretorius, Henning, Azorn en Grobler (Witklipfontein), Jordaan (Rietkuil), Muller en Meyer (Rhenosterpoort), Botha (Elandslaagte), Pistorius, Grobbelaar, Van Coller en Muller (Groot Eiland), Jansen van Rensburg, Reeder, Bronkhorst en Muller (Witbank), Steyn (Steynskraal), Scheepers, Muller en Pistorius (Lesutoskraal), Geere, Pretorius, Henning, Venter, Bekker, Scheepers, Pistorius, Botha, Labuschagne en Kruger (Vischgat 108 onderverdeling van die plaas Vredefort), Schoeman en Badenhorst (Inlandsche Zee) en Van Coller en Davel (Klipspruit).[332] Aan die Transvaalkant is die oorspronklike plase betrek deur vanne soos onder meer: De Wet (Grootedrift), Erasmus en Schoeman (Nooitgedacht), Kruger, De Beer, Wolmarans, Schoeman en Marx (Kromdraai), Wolmarans en Venter (Rooderand), Laas, Becker, Venter, Schoeman en Scheepers (Buffelskloof), Jansen van Vuuren (Koedoeslaagte), Van Deventer, Prinsloo, Marx, Rheeders, Muller en Van Coller (Koppieskraal), asook Van Staden, Prinsloo en Kruger (Rietpoort).[333] Hierdie vanne kom grootliks ooreen met dié van die Voortrekkers wat tot in Natal (en teen die einde van 1838 weer terug oor Winburg na die Potchefstroom-omgewing) getrek het.[334]

Gedurende die 2[de] helfte van die 19[de] eeu was daar 'n toevloei van Duitse immigrante na die Boererepublieke. Die firma Spilhaus was byvoorbeelde bekend as invoerder van die nuutste landbougereedskap. Die koerant *de Express* van Carl Borckenhagen (raadgewer van president J.H. Brand) was die voorvegter vir boerebelange. Verder was daar tot die einde van die 18[de] eeu net in enkele groot dorpe skoolinrigtings, sodat die boere op die platteland huisonderwysers in diens moes neem. Die meeste daarvan was Duitsers. Gevolglik het daar teen die einde van die 19[de] eeu verskeie Duitsers, meestal onderwysers en staatsamptenare, in die binneland, ook in die Koepel-omgewing, gevestig. Hulle was kenmerklik

332 TAB, RAK 2689 Indeks van transportboek 1853-1858; NWU Fleischack-versameling; S.J. Eloff, 'n Evaluering van die grondgebruikspatrone in die Vredefortkoepel noord van die Vaalrivier (M.A.), p. 10.

333 Kyk ook hoofstuk 3, *Tabel 1*.

334 G.S. Preller (red.), *Voortrekkermense (1)*, p. 22; sien ook die inventaris van vendusie, 1838.12.24. vir 'n volledige lys, pp. 314-328.

deeglik en netjies gewees,[335] en het ook 'n kenmerkende kuns- en handvaardigheid, militarisme, godsdiens en vryheidsgevoel gehad. Die Duitsers se grootste bydrae was veral op die gebied van sending. Daar was Lutherse predikante (C.H.F. Hesse), die Morawiese (G. Schmidt), die Berlynse (P.E. Schwellnus), Rynse en Herrmannsburgse sendingsgenootskappe, wat die instroming van Duitse gesinne teweeg gebring het.[336] Hulle het sover bekend glad nie in die omgewing van die Koepel-omgewing gevestig nie, maar wel op Potchefstroom.

Nederlandse emigrasie is deur Nederlanders, soos U.G. Lauts (1787-1865), ná die Boererepublieke bevorder.[337] Gedurende die eerste Nederlandse emigrasie na Transvaal (1850-1872) is heelwat Nederlandse predikante (soos 'n Hervormde predikant ds. Dirk van der Hoff, 'n Gereformeerde predikant ds. Dirk Postma en 'n predikant van die Nederduits Gereformeerde kerk ds. Frans Lion Cachet), asook ander professionele mense soos onderwysers, geneeshere, aptekers, prokureurs en staatsamptenare in Nederland gewerf.[338] Die emigrasie na Transvaal in die tydperk 1872 tot 1881 was maar skraal. Die tydperk 1881 tot 1902 verteenwoordig die grootste Nederlandse emigrasie na die Zuid-Afrikaansche Republiek, onder andere landbouers, ingenieurs vir die Oosterlyn na Delagoabaai, bankiers, onderwysers en staatsamptenare.[339] Die tydperk ná die Anglo-Boereoorlog (1902-1940) is gekenmerk deur die stigting van Christelik Nasionale Onderwys- (CNO) skole, die *Zuid-Afrikaans Hospitaal* in Pretoria, besighede, uitgewerye en die yster-en-staalbedryf deur Nederlandse immigrante.[340] In die jare ná 1940 het verskeie immigrante uit Europa (nie net Nederlanders nie) na Suid-Afrika verhuis vanweë die vooruitsigte van persoonlike welvaart en winsgewende geleenthede in die handel en nywerhede.

335 GPA, MO2, J.G.E. Fourie (75), Parys 2010.12.08.

336 J.A. Heese, "Die Herkoms van die Afrikanervolk" in P.W. Grobbelaar (red.), *Die Afrikaner en sy Kultuur (1): mens en land*, p. 77.

337 J. Ploeger e.a. (reds.), *Nederlanders in Transvaal 1850-1950*, p. 8.

338 J.A. Heese, "Die Herkoms van die Afrikanervolk" in P.W. Grobbelaar (red.), *Die Afrikaner en sy Kultuur (1): mens en land*, p. 79.

339 J. Ploeger e.a. (reds.), *Nederlanders in Transvaal 1850-1950*, pp. 16-19.

340 J. Ploeger e.a. (reds.), *Nederlanders in Transvaal 1850-1950*, pp. 23-27.

**Franssprekendes**

As deel van die amptelike Kolonisasiepoging van die V.O.I.C. het ongeveer 280 Hugenote gedurende die jare 1688 en 1689 na die Kaap verhuis.[341] Die Franse Hugenote was vlugtelinge en het as aaneengeslote volksgroep op 'n betreklik vroeë stadium van die volksplanting na die Kaap gekom. Die Hugenote het tussen die Nederlanders gebly, en vinnig met hulle geassimileer.[342] Die Franse boerderymetodes, vryheidsgedagtes en godsdienssin het voorts 'n merkbare invloed op die kultuurontplooiing van landelike inwoners in die kolonie gehad. Dit is interessant om daarop te let dat daar egter min afstammelinge van die Hugenote was wat die Groot Trek meegemaak het. Diegene wat later na die binneland getrek het, was selde landbouers en veeboere en het hoofsaaklik op die dorpe en stede hulle beroepe beoefen. Sommige nasate van hierdie Hugenote was grondeienaars van vroeë Koepelplase, soos Du Toit (Stinkhoutboom), De Villiers en Nel (Doornhoek), Gouws, Du Plessis (Schurwedraai) en Van Biljon (Aasvogelrand, Vischgat en Lesutoskraal).[343] As gevolg van bloedvermenging tussen Nederlander en Fransman vroeër aan die Kaap, het die meeste inwoners in die binneland 'n eie stempel gedra. Op fisieke gebied het die Alpynse inslag daartoe bygedra dat die Afrikaner donkerder van pigmentasie as sy Hollandse of Duitse voorouers is, wat die emigrant-boere in staat gestel het om die sonstrale van suidelike Afrika beter te kan verduur.

In die Koppieskraal-omgewing was daar selfs gedurende die 1960's 'n Franse meisie, "miss. Frenchie" wat as huishoudster vir 'n Engelssprekende kluisenaar op 'n plaas gewerk het.[344] Hierdie dame het vir die kinders van die omgewing geleer om in Frans te sing.[345] Haar mooi maniere, kleredrag en gewoontes, soos die *Bone China*-porseleinkoppies waarin sy tee bedien het, en die Kersfeeskoek wat sy in ou politoerblikkies gebak en uitgedeel het, het 'n blywende indruk op die kinders van die omgewing gemaak.[346]

---

341 P. Coertzen, *Die Hugenote van Suid-Afrika 1688-1988*, p. 170.

342 P. Coertzen, *Die Hugenote van Suid-Afrika 1688-1988*, p. 94.

343 VAB, AKT, landregister Kroonstad [2/1/1/98], p. 383; [2/1/1/102], pp. 22, 236, 344; [2/1/1/99], pp. 61, 76; [2/1/1/100], pp. 76, 117, 291.

344 GPA, MO2, E. Bosch (57), Parys 2010.10.26.

345 GPA, MO2, E. Bosch (57), Parys 2010.10.26.

346 GPA, MO2, E. Bosch (57), Parys 2010.10.26.

**Swede en Dene**

In die middel van die 17de eeu was Nordiese immigrante, wat die Skandinawiese lande (Noorweë, Swede en Denemarke) insluit, as werknemers van die V.O.I.C. reeds deel van die Europese vestiging in Kaap.[347] Vanaf 1850 het Finse, Noorse en Sweedse sendinggenootskappe hulle in Natal en die Potchefstroom-omgewing gevestig. Saam met hierdie immigrante het kundiges in die 1840's na die binneland gekom, soos Oscar Wilhelm Alric Forssman, wat hom in Potchefstroom gevestig het.[348] Hy was 'n sakeman wat die eerste geskeduleerde passasierkoetsdiens in die Transvaal begin het.[349] In 1964 het hy 40 Swede na 'n plaas suid van Potchefstroom by die drif in die Vaalrivier (later Skandinawiëdrift, wat vernoem is na hierdie nedersetting) ingevoer.[350] Hierdie besproeiingskolonie vir Sweedse emigrante (die Kalmar-ekspedisie) het as gevolg van droogtetoestande nooit gerealiseer nie. Gevolglik het die groep na Potchefstroom verhuis en vakmanne, wa-makers, handelaars, meulenaars (Olën) en transportryers geword.[351]

Nadat diamante (1867) en goud (1886) in die Boererepublieke ontdek is, het immigrasie van individue, veral spoorwegwerkers, vakmanne en ingenieurs uit die Nordiese lande vinnig toegeneem. Op Venterskroon het Swede en Dene in die mynboubedryf betrokke geraak (Hjul en Lönngren). Adolf Fredrik Lönngren (van die Sweedse Kalmar-nedersetters) was 'n prospekteerder op die Potchefstroomse Goudvelde (Buffelskloof).[352] Hy het 1443 morg van Buffelskloof besit,[353] en was ook vir 'n tydperk die posmeester op Venterskroon. Goud is aanvanklik teen een gram per ton met die hand gedelf, maar Lönngren het 'n stoom-aangedrewe rotsbreker

347 C. Blomstrand, "The Swedish Emigration to Potchefstroom" in *FAMNEA*, nuusbrief van die Genealogie Genootskap van S.A. – Noordwes, Febr. 2008, 5(1), p. 5.

348 C. Blomstrand, "The Swedish Emigration to Potchefstroom" in *FAMNEA*, nuusbrief van die Genealogie Genootskap van S.A. – Noordwes, Febr. 2008, 5(1), p. 1.

349 Sien hoofstuk 3, Potchefstroom en hoofstuk 4 Skandinawiëdrift; H. Zeederberg, *Veld express*, p. 18.

350 O. de Jager, *Vredefort Dome, Moments in the history of the Transvaal section of the Vredefort Dome from a philatelic perspective*, p. 7.

351 C. Blomstrand, "The Swedish Emigration to Potchefstroom" in *FAMNEA*, nuusbrief van die Genealogie Genootskap van S.A. – Noordwes, Februarie 2008, 5(1), p. 2.

352 O. de Jager, *Vredefort Dome, Moments in the history of the Transvaal section of the Vredefort Dome from a philatelic perspective*, p. 7.

353 NWU, Fleischack-versameling [2584] "Sertifikate, geregistreerde eienaars Buffelskloof no.24 Potchefstroom" 1906.

op die rivier opgerig, om die taak vinniger te verrig.[354] Ivor Hjul (Deens) wat 'n watermeule in Potchefstroom besit het, was in kompetisie met Lönngren en het die wettigheid van sy goudkleims op Buffelskloof met verskeie hofsake bestry.[355] Teen 1910 was daar in Suid-Afrika tussen 5 000 en 7 000 immigrante wat in die Nordiese lande gebore is.[356] Dié immigrante is meestal in die Afrikaner-bevolking opgeneem.

**Italianers**

In die Parys-omgewing kan twee verskillende groepe Italianers onderskei word. Die eerste groep was soldate wat tydens die Tweede Wêreldoorlog as geïnterneerdes na Suid-Afrika gestuur is. Daar was te min plek in bestaande tronke gewees; gevolglik is hierdie mense na die boere op die platteland, ook in die Vredefortkoepelarea, as arbeiders uitgeplaas. Hulle het in die area bouwerk verrig, soos die skuur op Buffelskloof, huise op Takwasa en 'n bruggie by Tijgerfontein wat vandag nog staan. Die tweede groep, onder andere mnr. A. Pedretti, was in die granietbedryf werksaam. Hy het drie verskillende soorte graniet (pienk, grys en "multi-colour") vir beide die binnelandse en die buitelandse mark in die groewe by Koppieskraal bewerk. Hierdie graniet is onder meer na Duitsland (Keulen) en Italië uitgevoer.[357] As gevolg van skeepsvrag- en uitvoertariewe se buitensporige verhogings, tesame met die feit dat graniet uit die mode geraak het[358] en toenemende druk van grondeienaars en bewaringsaksies in die omgewing,[359] kon die meeste steengroewe nie ekonomies bedryf word nie. Gevolglik het die meeste groewe teen 1990,[360] ook dié van die Pidretti's, gesluit.

**Jode en Pole**

Ná die Tweede Wêreldoorlog het verskillende groepe immigrante soos Jode en Pole, vanuit Oos-Europa na Suid-Afrika geïmmigreer. Daar is reeds heelwat oor die Jode in Suid-Afrika geskryf, veral uit 'n historiese oogpunt, maar die interaksie

---

354 C. Blomstrand, "The Swedish Emigration to Potchefstroom" in *FAMNEA*, nuusbrief van die Genealogie Genootskap van S.A. – Noordwes, Februarie 2008, 5(1), p. 4.

355 NWU, Fleischack-versameling [2802] "Iver Hjul prospekteerkontrak, Rooderand claims" 1903.

356 C. Blomstrand, "The Swedish Emigration to Potchefstroom" in *FAMNEA*, nuusbrief van die Genealogie Genootskap van S.A. – Noordwes, Februarie 2008, 5(1), p. 5.

357 Parys-museumargief, plakboek met koerantknipsels, 1962.07.31.

358 GPA, MO2, C. Gluchowski (56), Parys, 2011.01.26.

359 GPA, MO2, J.J.L. Venter (86), Parys, 2011.05.14.

360 GPA, MO2, O. Basson (78), telefoongesprek 2013.03.28.

tussen Jood en Afrikaner op die platteland is nog nie deeglik nagevors nie.[361] Die Oos-Europese Jode het tuis gevoel op die platteland, omdat hulle in hul lande van herkoms meestal op die platteland gewoon het.[362] Teen die einde van die 19de eeu was die dorpsbewoners van Parys en Vredefort, sowel as die plaasmense in die landelike gebied, oorwegend Afrikaanssprekend. Hier het die Jood kennis gemaak met die kultuur van die Afrikaner en dit blyk dat die interaksie wat daaruit voortgevloei het, meestal goed was. Die Jode was hoofsaaklik smouse of winkeleienaars; gevolglik het hulle die mense in die omgewing beïnvloed met hulp en voorskotte, hul eerlikheid en vertroue, lekkergoed en selfs studielenings. In die "Belewenisse in die Vredefortkoepel", die herinneringe van een van die ouer inwoners van die streek, skryf Van Rensburg dat hy as kleuter gereeld saam met sy ouers na Parys of Vredefort gegaan het. Wanneer hulle by Sachs (die Algemene Handelaar) op Parys gekoop het, het hy 'n "kardoesie" met suikerklontjies gekry.[363] Die langdurige droogte het teen 1933 van die Koepelboere se winkelskuld hoog laat ophoop. Mnr. K. Meyerowitz wat 'n winkel in Parys gehad het, moes noodgedwonge plase van onder andere die Viljoens (Eliza 972), vir die uitstaande skuld "vat" en verkoop om die winkelskuld te delg.[364] 'n Mens kan verstaan dat sommige inwoners ook negatief teenoor die Jode gevoel het, veral diegene wat hulle eiendom oor winkelskuld verloor het.

Jode is grotendeels as Godsvolk gesien en gevolglik in die platteland met die nodige respek behandel. In die vroeë jare het die Joodse handelaars 'n groot rol in Parys en Vredefort gespeel. Dit is interessant om daarop te let dat Parys se strate in die industriële gebied hoofsaaklik na Jode soos Schilbach, Rubin, Samuel, Fischer (die rabbi), Schochet (tandarts), Freedman, Benjamin (meulenaar), Hoon en Feldman vernoem is. Daar was 'n groot Joodse gemeenskap in Parys en Vredefort. Tydens Joodse feeste is Mimosa-tuine in Parys vir die geleentheid vooruit bespreek. Die stadsvaders van Parys het dit egter goedgedink om hierdie feesvierings in Parys te stop.[365] Dit blyk verder dat die Afrikaners, veral diegene

---

361 M. Burden & T. Weil, "Die Interaksie tussen die Jood en Afrikaanssprekende op die Suid-Afrikaanse platteland, 1880-1950," in *S.A. Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 16(2), Nov. 2002, p. 94.

362 M. Burden & T. Weil, "Die Interaksie tussen die Jood en Afrikaanssprekende op die Suid-Afrikaanse platteland, 1880-1950," in *S.A. Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 16(2), Nov. 2002, p. 99.

363 S.L. Jansen van Rensburg, "Belewenisse in die Vredefortkoepel", p. 1.

364 S.L. Jansen van Rensburg, "Handgeskrewe geskiedenis van die Koepelplase" Eliza, p.1.

365 GPA, MO2, P. Papavarnavas (84), Parys 2010.12.08.

wat vroeg in die 20ste eeu in die beheer van die Munisipaliteit van Parys was, nie van die Jode of uitlanders gehou het nie en gevolglik hulle ontwikkelings in Parys gestuit het.[366] As 'n mens na die gees van die Afrikaner aan die begin van die 20ste eeu kyk, is dit voor die hand liggend dat die Boere wat lede was van die Ossewa-Brandwag-organisasie simpatiek teenoor Duitswes-Afrika gestaan het. Hulle was ook tydens die Tweede Wêreldoorlog grotendeels Duitsgesind. Dit het ongelukkig saam met Jode-onverdraagsaamheid en anti-semitisme in die platteland gepaard gegaan. Ná die Sharpeville-slagting op 21 Maart 1960 het die meeste Jode wat geslagte lank op die dorpie Parys gebly het, hulle eiendomme verkoop (meestal aan die Grieke) en die land verlaat.[367] Sommige ou inwoners soos die Benjamins en Sachse bly egter steeds in die omgewing van Parys. Die Jode het om geloofsredes selde indien ooit met enige nie-Jood in die huwelik getree, en grotendeels 'n afsonderlike groep gebly.

Die Pole was een van die Oos-Europese volke wat met werkgeleenthede ná die Tweede Wêreldoorlog na Suid-Afrika gelok is. Daar was armoede en grootskaalse werkloosheid in Pole; gevolglik was dit 'n uitkoms om in die myne of industrieë in Suid-Afrika te kom werk.[368] Die groot hoeveelheid granietgroewe in die Parys-omgewing het veral uitlanders gelok. Dit blyk dat die Pole wie se kinders tussen die Afrikaners in die area grootgeword het, grootliks binne die Afrikanerkultuur opgeneem is. Hulle praat meestal Afrikaans en sommige individue verkies om hulle vrye tyd op 'n kano op die Vaalrivier deur te bring.[369]

**Grieke**

Suid-Afrika was die eerste land in Afrika om Griekse immigrante te ontvang. In 1880 was daar 'n groot resessie in Griekeland, en in 1897 het die Grieks-Turkse oorlog werkloosheid en armoede in Griekeland vererger.[370] Die nuus van die ontdekking van diamante en goud het die verbeelding van verskeie Grieke – soos ook ander uitlanders – aangegryp. Klein minderheidsgroepe uit Europa is gevolglik verwelkom om die blanke getalle in die Boererepublieke te vergroot.[371]

---

366 GPA, MO2, P. Papavarnavas (84), Parys 2010.12.08.

367 GPA, MO2, P. Papavarnavas (84), Parys 2010.12.08.

368 GPA, MO2, C. Gluchowski (56), Parys 2011.01.26.

369 GPA, MO2, C. Gluchowski (56), Parys 2011.01.26.

370 G. Katoleon & A. Wessels Bloemfontein's Greek Community: Historical background, emigration and settlement ca 1885-1985, *SAJAH*, 2009, 43(2), p. 26.

371 G. Katoleon & A. Wessels Bloemfontein's Greek Community: Historical background, emigration and settlement ca 1885-1985, *SAJAH*, 2009, 43(2), p. 26.

Tydens die Anglo-Boereoorlog het daar Grieke in die Boererepublieke aan beide kante geveg. Vóór en ná die betrokke oorlog het die getalle van die plattelandse dorpsbewoners ook aansienlik aangegroei. Veral ná 1902 was daar grootskaalse opbou in die binneland van Suid-Afrika; gevolglik het die spoorweë en nywerhede 'n groot vraag na arbeid geskep, wat 'n geleentheid vir uitlanders soos die Grieke was om hulle hier te kom vestig.

Tydens die Tweede Wêreldoorlog (1941-1945) was daar hongersnood in Griekeland en daarna 'n burgeroorlog (1946-1949), wat die situasie verder vererger het. Gevolglik het armoede en werkloosheid die Grieke gedwing om na ander lande, soos Suid-Afrika, te immigreer.[372] Die meeste immigrante in Suid-Afrika, soos ook in die Parys-omgewing, is afkomstig van die eiland Ciprus, aangesien die Cipriote Britse paspoorte gehad het en maklik na Suid-Afrika kon reis en hier kon agterbly.[373] Hulle kon voorts vanweë lidmaatskap aan die Britse gemenebes, binne twee jaar permanente-verblyf-permitte kry. Hulle het soms op soek na werk in plattelandse dorpies oorgeslaap en sommer besluit om daar te bly en 'n besigheid te begin.[374] Verder het hulle nie net baie hard gewerk nie, maar ook eenvoudig geleef en gevolglik vinnig ryk geword. Klein winkeltjies wat vrugte, groente en kruideniersware verkoop het, soms met tafeltjies vir tee en koffie vir kliënte, was 'n algemene gesig.[375] Daar was soveel Grieke met winkeltjies op die staathoeke dat die Afrikaanse uitdrukking "die Griek op die hoek" algemeen in die Afrikaanse spreektaal geword het. Dit was ook die geval in Potchefstroom, Vredefort en Parys. Hulle het Engels en Afrikaans leer praat,[376] maar as gevolg van hulle Grieks-Ortodokse tradisies net met die Afrikaner geassimileer indien laasgenoemde bereid was om hulle geloof aan te neem en in die Grieks-Ortodokse kerk gedoop te word.[377]

Nadat die Nasionale Party in 1948 aan bewind gekom het, het dit geblyk dat die houding van die staat teenoor immigrante verander het. Hulle is met agterdog

372 G. Katoleon & A. Wessels Bloemfontein's Greek Community: Historical background, emigration and settlement ca 1885-1985, *SAJAH*, 2009, 43(2), p. 36.

373 GPA, MO2, P. Papavarnavas (84), Parys 2010.12.08.

374 GPA, MO2, P. Papavarnavas (84), Parys 2010.12.08.

375 G. Katoleon & A. Wessels, "Bloemfontein's Greek Community: Historical background, emigration and settlement ca 1885-1985" in *SAJAH* 2009, 43(2), p. 34.

376 Om byvoorbeeld 'n taal aan te leer en te gebruik benut jy onbewustelik 'n spesifieke kultuurtradisie en jou optrede is dan deelname aan die kultuur van jou omgewing, in P. de Klerk, *Geskiedenis as kultuurontwikkeling*, p. 32.

377 GPA, MO2, D. Moyes (56), Vereeniging 2013.03.28.

bejeën en immigrasie het grotendeels gestop.[378] Mnr. P. Papavarnavas het in 1967 die plaas Buffelskloof van mnr. Barnes gekoop en met landbouprodukte begin boer.[379] Hy het groot verliese gely en besluit om nie meer self te boer nie, maar om mense te kry wat vir hom die boerdery bedryf.[380] Aangesien die betrokke plaas nie ekonomies bedryf kon word nie, is die plaas verkoop. Hy het verkies om eerder besighede soos "Peters' Cafe", 'n droogskoonmaakdiens, bakkery, slagter, biltong-winkel, Spar, Wimpy en nog vele meer in Parys op die been te kry en te bestuur. Daar was ook 'n redelike groot Griekse gemeenskap in Potchefstroom gewees, maar sal vir die strekking van die studie nie bespreek word nie.

**Portugese**

Die teenwoordigheid van Portugese seevaarders en handelaars in suidelike Afrika was lank voordat die Nederlanders aan die Kaap aan wal gegaan het. Die Portugese stamvader Albasini was verder bekend vir die reise wat hy onderneem het en die handel wat hy in die binneland gedryf het.[381] Gedurende die begin van die 19de eeu wou die trekleier Trigardt soos die ander trekgeselskappe in die nabyheid van die see kom, om met die Portugese handel te dryf.[382] Trigardt wou (toe hy reeds in die Soutpansberg was) negosiegoedere en ammunisie van die Portugese ruil vir slagosse, koeie, hamels, olifantstande en velle.[383]

Aan die begin van die 20ste eeu het sommige Portugese landbougrond in die Vaalrivier-omgewing gehuur om groente vir hul besighede te verbou.[384] Op hierdie wyse het Manny Santana groente vir sy winkel in Parys, op Aasvogelrand (O.V.S.), verbou.[385] Menige groentewinkel en kafee is deur Portugese bestuur, maar hulle was selde grondeienaars. Mnr. Brazao het 'n groentewinkeltjie-en-

---

378 GPA, MO2, P. Papavarnavas (84), Parys 2010.12.08.

379 GPA, MO2, P. Papavarnavas (84), Parys 2010.12.08.

380 GPA, MO2, P. Papavarnavas (84), Parys 2010.12.08.

381 J. de Santa Rita Montanha, *Verslag van die heenreis na, verblyf by en terugreis van die Boere van die Suid-Afrikaanse Republiek* in die binneland van Afrika, met informasie verstrek aan die Goewerneur van Lourenco Marques deur Joao Albasine en Avelino Xavier de Menezes in 1847. (s.n., s.l.e.a.).

382 G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner (2): 1806-1854*, pp. 325-326.

383 G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner (2): 1806-1854*, p. 327.

384 S.L. Jansen van Rensburg, "Handgeskrewe geskiedenis van die Koepelplase" Aasvogel Rand, g.p.

385 S.L. Jansen van Rensburg, "Handgeskrewe geskiedenis van die Koepelplase" Aasvogel Rand, g.p.

padstal reg voor sy plot naby Rocky Ridge en SUNWA bedryf, en mnr. Barados, ook van Koppieskraal, was 'n landbouer gewees. Hierdie Portugese se kinders het óf die besighede van hulle ouers oorgeneem, óf soos hulle ouers in die handelsbedryf gegaan.[386] Dit blyk dat die Portugese goeie verhoudings met die ander immigrante uit Europa gehad het en dat hulle mekaar hulp en bystand gee indien nodig.[387] Daar was oorwegend goeie verhoudings tussen die Portugese handelaars en hul Afrikaner-bure. Die Portugees Ronnie de Agrela het byvoorbeeld 'n winkel en kantien (vroeër die Algemene Boeren Winkel)[388] op Venterskroon aan die destydse Transvaal-kant van die Vaalrivier bedryf, en selfs met 'n Afrikanermeisie van die Koepel-omgewing getrou.[389] Hy meen dat hy 'n baie goeie lewe in Venterskroon gemaak het.[390] Die meeste Portugese wat groentewinkels, restaurante en "fish & chips"-kafees in Parys bedryf het, het egter die afgelope paar jaar weens swak besigheid die dorp verlaat.[391] Die bou van die tolpad het klein dorpies van die hoofroetes afgesny. Gevolglik is daar baie min Portugese families in dié area oor.[392]

Op kerklike en sosiale gebied is daar 'n merkbare verskil tussen die Portugese en Republikeine (later Afrikaners) se houding ten opsigte van die inheemse bevolkingsgroepe op die aangrensende gebiede. Die Portugese in suidelike Afrika het hulle kulturele bande met Europa verbreek en grotendeels met die inheemse bevolking geassimileer. Dit kan grootliks toegeskryf word aan die Katolieke geloofsbeskouing wat alle Christene, ongeag hulle ras, as gelykes sien. Gevolglik het hulle, in teenstelling met die blankes in die Koepelarea, elders huwelike met lede van die inheemse bevolkingsgroepe gesluit en so het 'n gemengde gemeenskap ontstaan.[393]

386 GPA, MO2, M. de Ponte (45), Parys 2011.01.26.

387 "We Colonials stand together" GPA, MO2, M. de Ponte (45), Parys 2011.01.26.

388 NWU, Fleischack-versameling [2233] "Algemene Boeren Winkel Bpk. H.C. Klippert, Korrespondensie en aandele" 1906-1908.

389 GPA, MO2, E.J. de Agrela (64), Venterskroon 2011.05.25.

390 GPA, MO2, R. de Agrela (83), Venterskroon 2011.05.25.

391 GPA, MO2, M. de Ponte (45), Parys 2011.01.26.

392 GPA, MO2, P. Papavarnavas (84), Parys 2010.12.08.

393 H. Giliomee, "Processes in development of the South African frontier" in H. Lamar & L. Thompson (eds.),*The Frontier in History, North America and Southern Africa compared*, p. 92.

**Libanese**

Teen die einde van die 19de eeu was daar enkelinge van die Midde-Ooste (soos Libanese) wat na Suid-Afrika gereis het, op soek na goeie landbougrond en boerdery-geleenthede.[394] Die Shahim-broer wat voor die Anglo-Boereoorlog die land ingekom het, is ongelukkig deur die oorlog gestuit. Ná die oorlog het hy sy broers oorreed om na die Vredefort-distrik saam met hulle familielede te immigreer. Hierdie familie was hoofsaaklik landbouers en het oor die jare 'n groot liefde vir die grond gekry. Hulle is grondeienaars en boer nog steeds in die Viljoenskroon-area. Mnr. Shahim se familie besit eiendomme en besighede in Parys se dorpsgebied.[395]

**Engelstaliges**

Die Britte het die Kaap in 1795 geannekseer, en ná 1806 het die Nederlanders die regering oorgeneem. Die Engelse kon nie hulle taal praat nie en sien laasgenoemdes as minderwaardig, wreed teenoor die inheemse bevolking, en met gebrekkige vaardighede.[396] Die Britse bydrae het baie laat gekom en Engelse, Skotte, Walliesers en Iere ingesluit. Die Britse stamvaders en stammoeders wat deur ondertrouing hulle bydrae tot die Afrikanervolk gelewer het, was tot in 1806 gering.[397] Met die aankoms van die Britse setlaars (1820) was daar reeds 'n tweede geslag van Anglo-Afrikaners aan die Kaap. Hierdie groep het aanvanklik min invloed op die oosgrensboere gehad, omdat hulle as gesinne na suidelike Afrika gekom het. Ná die Groot Trek het baie setlaars die onbewoonde boereplase opgekoop en met boeremeisies getrou.[398] Die Britse regering het die grensboere as buffer gebruik om die grense te sluit en die vrede met inheemse bevolkingsgroepe te bewaar. Die Britse bydrae (setlaars) het op 'n redelike laat stadium aan die Kaapse oosgrens gekom. Gevolglik het hierdie groep nie juis saam met die Voortrekkers getrek nie. Tydens die tydperk van die afskaffing van slawe (1820-1830) was daar groot verdeeldheid tussen die Engelse (wat

394 GPA, MO2, L.P. Shahim (73), Linthof Lodge 2010.07.25.

395 GPA, MO2, Z. Shahim (83), Linthof Lodge 2010.07.25.

396 H. Giliomee, *The Afrikaners, biography of a people*, p. xiv.

397 J.A. Heese, "Die Herkoms van die Afrikanervolk" in P.W. Grobbelaar (red.), *Die Afrikaner en sy Kultuur (1): mens en land*, p. 74.

398 J.A. Heese, "Die Herkoms van die Afrikanervolk" in P.W. Grobbelaar (red.), *Die Afrikaner en sy Kultuur (1): mens en land*, p. 76.

oorwegend daarvóór was), en die Nederlanders (Afrikaners) wat grootliks daarteen gekant was.[399]

Ná die Groot Trek het verskeie Britse sendelinge hulle in die Transoranje gevestig. Vanaf September 1841 het dr. John Philip byvoorbeeld sendingwerk in die Vrystaat gedoen en hom hoofsaaklik aan die kant van die inheemse bevolking geskaar. Hy was negatief teenoor die pioniers en het aangevoer dat die Voortrekkers die hele binneland wou beset. Gevolglik het Menzies, 'n regter van die Kaapse hooggeregshof, in 1842 die hele binnelandse gebied tot en met die 25ste graad suiderbreedte tot Britse gebied geproklameer en hierdeur die emigrant-boere geagiteer.[400] Verder het die meeste trekkers 'n sterk afkeer gehad aan die Britse gesag, inmenging, formulering en toepassing van hulle inboorlingbeleid in die binneland.[401] Die vooroordeel het geleidelik in wantroue ontwikkel, veral ná slegte beriggewing en stories van Engelse reisigers, handelaars en die sendelinge.[402] Dit is van belang om hierby te noem dat sommige trekboere, wat nie deel van die georganiseerde trekgroepe was nie, pro-Brits was. Die Republikeinsgesinde inwoners van beide die Z.A.R. en Vrystaat was egter hierdie trekboere nie goedgesind nie. Ná 1867 het daar met die ontdekking van diamante en goud 'n groot toevloei van nuwe Britse immigrante na die Boererepublieke gekom. Hierdie immigrante het teen die einde van die 19de eeu 'n sleutelrol op ekonomiese vlak en in die plaaslike mynboubedryf gespeel.

Die tweespalt in Suid-Afrika se politieke magsverdeling is met die aankondiging van oorlog in Oktober 1899 tot 'n spits gedryf. Die Boererepublieke wou hul onafhanklikheid en hul goudvoorraad behou, terwyl die Britte vanuit 'n imperiale oogpunt, oppergesag in Suid-Afrika wou konsolideer en die goudvoorraad vir hulself wou opeis. Die uitslag van die oorlog, wat 32 maande geduur het, was in die guns van die Britte. Die ellende, lyding en tasbare skade aan eiendom en besittings het veroorsaak dat 'n sterk Afrikaner-nasionalisme na vore getree het,

399 H. Giliomee, *The Afrikaners, biography of a people*, p. 43.

400 G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner (2): 1806-1854*, p. 457.

401 M.C.E. van Schoor. Die nasionale en politieke bewuswording van die Afrikaner in migrasie en sy ontluiking in Transgariep, in *Argiefjaarboek van die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1964(2), p. 52.

402 A.N. Pelzer, *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek (1): wordingsjare*, p. 211.

wat aanvanklik antagonisties teenoor die Britte gestaan het.[403] Gevolglik was hulle verhouding gespanne-beleefd en die Britse regering is vir al die rampe en onheile wat die Afrikaners getref het, verantwoordelik gehou.[404] Die ekonomiese bydrae van die Engelse, veral tydens die heropbou van die land ná die Anglo-Boereoorlog (1902), was besonder groot.[405] Engelssprekendes het op groot skaal na die binneland getrek en hulle hoofsaaklik op die dorpe en in stede gevestig. Vanaf die oorlog tot en met uniewording het Brittanje baie gedoen vir die opheffing van die land, ook op Parys. Gedurende hierdie tydperk is daar as deel van die verengelsingsbeleid, Ierse onderwysers na Parys ingevoer. Die Britse invloed was wyd verspreid, onder meer in die tegnologie, taal en skrif, ontspanning, kommunikasie (paaie en brûe) en sosiale verhoudinge, ruil en handel, die regstelsel en politieke verhoudinge, sosiale hulp, etiese verhoudinge asook op godsdienstige gebied. Wat ekonomiese en kommersiële bedrywighede betref, het die Afrikaner in 'n groot mate verengels. Dit het gebeur dat sommige elite van die Afrikaanse kultuur, hul eie posisie probeer verbeter het, deur die kultuur van die leidende groep (Engelssprekendes) te aanvaar. Sommige individue het ook hulle kinders na Engelse skole gestuur; ander het weer met Engelssprekendes getrou en is gevolglik in die Engelse kultuur opgeneem.[406] Hierdie groep word as Engelssprekendes beskou en hulle kom goed met die Afrikaanse bure oor die weg.[407]

Die Afrikaners en Engelse het in Parys en omliggende gebiede oor die algemeen goed saamgewerk, hoewel eersgenoemde meestal verkies het om 'n vreedsame stil afstand te hou.[408] Ten spyte van die feit dat die Britse "bloed"-bydrae klein was, was hulle invloed op die dorpies veel groter, en het die kulturele invloed in sekere opsigte gebly. Ontspanningsvorme, byvoorbeeld kinderspeletjies (*ring-a-ring-a-rosy*), sportsoorte (tennis, krieket en perdewedrenne), bioskoop, konserte, musiek (verengelsde liedjies), danse by die "mix" en partytjies,[409] asook piekniek

403 J. Ploeger, Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boere-oorlog, 1899-1902 (4), pp. 27:1-36:38.

404 F.A. van Jaarsveld, *Omstrede Suid-Afrikaanse verlede, geskiedenis ideologie en die historiese skuldvraagstuk*, pp. 16-20.

405 S.B. Spies, "Heropbou en unifikasie 1902-1910" in C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p. 367.

406 GPA, MO2, Z. Shahim (73), Linthof lodge, 2010.07.25; B. York (61), Somerplaas 2011.02.24.

407 GPA, MO2, Z. Shahim (73), Linthof lodge, 2010.07.25; B. York (61), Somerplaas 2011.02.24.

408 A.N. Pelzer, *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek (1): wordingsjare*, p. 64.

409 GPA, MO2, E. Bosch (57), Parys 2010.10.26.

op die walle van die Vaalrivier en kampeergewoontes is direk van Engeland oorgeneem.

Sommige Koepel-inwoners wie se ouers vroeër tabakboere in Suid-Rhodesië (nou Zimbabwe) was, het weer terug getrek na die Parys-Vredefort-omgewing, soos mnr. Mike Erasmus.[410] Hulle plant egter nie meer tabak nie, maar bedryf 'n suksesvolle wildboerdery. Dit is merkbaar dat die Afrikaners lank met ongelykhede teenoor Engels-sprekendes geworstel het, veral ná die Anglo-Boereoorlog.[411] Tog bly verskeie Engelssprekende en Afrikaanssprekende grondeienaars in vrede langs mekaar, soos op Koppieskraal.[412] Ander Engelssprekendes soos Graeme Addison, afgetrede akademikus, het *white water rafting* op die Vaalrivier by Parys begin en in 'n winsgewende toeristebedryf omskep.[413] Hy het hom beywer vir die bewaring van die Vaalrivier en sy eilande, en was saam met die Afrikanergrondeienaars ten gunste van proklamasie van die wêrelderfenisgebied.[414] Dit is teleurstellend dat sommige individue verstrengel bly in die geskiedenis van die kultuurgroep waaraan hulle behoort, en dan 'n paar growwe veralgemenings maak oor ander groepe, en ook hulle mening elektronies versprei.[415]

## Slotsom

Geskrifte oor die groepsverhoudinge in die Boererepublieke vóór 1840 is maar yl gesaai, terwyl heelwat oor die sendingwerk in suidelike Afrika geskryf is. Verder bestaan daar 'n gebrek aan geskrewe bronne wat ons in staat stel om die inheemse bevolkingsgroepe se aandeel en standpunte te kan navors en begryp. Hierdie toedrag van sake skep die moontlike gevaar van partydigheid en subjektiwiteit vir die navorser.

---

410 GPA, MO2, M. Erasmus (84), Thabela Thabeng, Buffelskloof 2011.07.30.

411 GPA, MO2, S.L. Jansen van Rensburg (81), Helena 2010.05.05.

412 P. Whaley van Riverbend, mr. Cameron op Eldorado, asook mr. Campbell en J.A. Paxter, GPA, MO2, O. Basson (76), Parys 2011.05.14.

413 GPA, MO2, G. Addison (63), Otters' Haunt, Koppieskraal, 2010.10.09.

414 GPA, MO2, G. Addison (63), Otters' Haunt, Koppieskraal, 2010.10.09.

415 Daar word beweer dat Afrikaans-sprekende Koepelgrondeienaars teen proklamasie en bewaring gekant is en ook dat hulle regse rassiste is. Dit blyk dat hierdie stelling onwaar is, sien G. Addison, *Vredefort Dome Controversies*, notes compiled 2010.07.26 [Website: http://vdome.co.za] [Accessed: 2010.10.10].

Gedurende die *Difaqane* het groepe soos die Matabeles se uitdelgingsoorloë tradisionele gemeenskappe van mekaar vervreem. In die proses is grond deur verskillende stamme van mekaar afgeneem. Die sterker inheemse bevolkingsgroepe was in konflik met mekaar, terwyl die swakkes verplaas of uitgewis is. Met uitsondering van die *Difaqane* was die proses van blanke vestiging ná 1840 een van die vernaamste gebeure wat 'n invloed op die lotgevalle van die plaaslike swart gemeenskappe in die binneland van suidelike Afrika uitgeoefen het. Hierdie proses was, soos ook in die studiegebied, deels die resultaat van sosiaal-ekonomiese en politieke kragte wat op mekaar ingewerk het. Dit blyk dat die emigrant-boere voordeel uit die gevolge van die *Difaqane* getrek het. Daar was oop areas wat permanente vestiging begunstig het, en 'n konstante arbeidsbron is geskep deur mense as oorlogsbuit en volgens die inboekstelsel in diens te neem. Na 1836 was die tydperk waartydens die trekkers grond geruil het van die inheemse bevolking; gevegte was aan die orde van die dag, en grond is ook as oorlogsbuit geneem. Die mobiliteit van die inheemse bevolkingsgroepe in die omgewing van die Vaalrivier is gestuit deur die uitgee van leningsplase sedert 1838 en grondbriewe as deel van burgerregte ná 1854. Die plaaslike swart gemeenskappe (inheemse bevolkingsgroepe) was gevolglik vasgevang in omstandighede wat nie deur hulle eie toedoen ontstaan het nie. Hulle reaksie op die blanke teenwoordigheid is aanvanklik deur 'n houding van gewelddadige reaksie gekenmerk. Die boere wat hulle permanent gevestig het, het woongebiede vir arbeiders (strooise of statte), op hulle grond geskep om die vraag na arbeid te bevredig. Die gevolg was dat hierdie arbeiders hulle tradisionele woonplekke uit vrye wil verlaat en op die plase gaan woon het as deelsaaiers, boere-arbeiders, trekarbeiders en/of seisoenwerkers.

Die ontdekking van diamante en goud het plaasarbeiders na die delwerye getrek, waar hulle vergoeding in kontant ontvang het. Ná die Anglo-Boereoorlog was daar 'n groep swart arbeiders wat om oorlewingsredes verkies het om na die plase terug te trek en as deelsaaiers en boerearbeiders diens aan die grondeienaars te lewer. Die ander groep is na die stede agter werk in die myne en industrieë. Die getalsterkte van die inheemse bevolkingsgroepe in die stedelike gebiede het veroorsaak dat hulle as 'n bedreiging vir die blankes gesien is. Derhalwe is verskillende wette aangeneem. Op regeringsvlak is die inheemse gemeenskappe nie in die Boererepublieke betrek nie. Die Unieregering (ná 1910) se beleid ten opsigte van groepsverhoudinge was hoofsaaklik een van: geen gelykstelling nie, differensiasie (plakkers-, landlopers- en paswette) en staatkundige en

grondwetlike segregasie. Hierdie wette het groot ontevredenheid veroorsaak, wat die groepsverhoudinge tussen swart en wit versuur het. Ná 1994 het die verkiesingsbeloftes (huise en toelaes) asook oortollige arbeiders en die sluit van plaasskole veroorsaak dat 'n groot hoeveelheid plaaswerkers na die omliggende townships verhuis het. Behuisingstekorte, werkloosheid en armoede blyk 'n noodwendige gevolg te wees. Swak munisipale dienslewering veroorsaak oral ontevredenheid wat lei tot protesaksies.

Dit blyk dat onderlinge verkeer tussen die Westerse en Afrika-kulture oor 'n lang tydperk plaasgevind het. Hoewel daar oordrag van kultuurprodukte (veral ten opsigte van grondbesit, woningbou, werktuie, kleredrag, geld en godsdiens) was, het vermenging selde plaasgevind, en elke groep het in 'n groot mate sy etniese identiteit behou. Aan die een kant was daar die Europese wêreld (stedelike kultuur), en aan die ander kant die Afrika-wêreld en hulle landelike kultuur, wat naas mekaar bestaan het. Verstedeliking het hierdie verskille laat vervaag.

Die Europese immigrante wat oor die afgelope 350 jaar na Suid-Afrika gekom het, is meestal hierheen gelok, omdat hulle om een of ander rede benodig is, of omdat dit moontlik was om 'n beter bestaan hier te voer. Gedurende die 17$^{de}$ eeu is Europeërs byvoorbeeld gratis grond aan die Kaapkolonie se oosgrens aangebied. Aan die Kaap was die eerste nedersetters hoofsaaklik van Nederlandse herkoms, waarna verskeie individue uit Europa na die suidpunt van Afrika verhuis het. Die Franse Hugenote (1688) en die Britse setlaars (1820) is byvoorbeeld benodig om die bevolkingsaanwas in die grensgebiede aan te help. Teen die einde van die 19$^{de}$ eeu was daar 'n groot resessie in die meeste Europese lande, wat 'n faktor was vir die opkoms van Imperialisme. Die groot moondhede het na nuwe afsetgebiede gesoek en hulle ekonomiese beleggings na laerisiko-gebiede soos Afrika geskuif. Die binnelandse handelsmoontlikhede, die diamant- (1867) en goudbedryf (1886) in Suid-Afrika en die armoede in Europa ná die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945), het immigrasie na Suid-Afrika begunstig. Duitsers, Nederlanders, Frans-sprekendes, Skandinawiërs, Jode, Pole, Italianers, Grieke, Portugese, Libanese en Engels-sprekendes het almal voetspore in en om die Koepelarea agter gelaat. Die meeste Europese immigrante het 'n betreklik hoë kultuurpeil gehandhaaf, en met vaardighede na Suid-Afrika gekom. Hierdie immigrante wat 'n arbeidsbehoefte aangevul het, het maklik by die sosiale omgewing ingeskakel en ook vinnig Engels en Afrikaans leer praat. 'n Beduidende aantal Europese immigrante het met die Afrikaner ondertrou en is in laasgenoemde kultuur geassimileer. Hulle het op die dorpe aan die rand van die

Koepel-omgewing gevestig, en sommige het grondeienaars op die Koepelplase geword.

Die verdeeldheid tussen die Europese groep (Boer en Brit) is uniek aan Suid-Afrika.[416] Die invloed van die Britte op die emigrant-boere en latere Afrikaners kan op verskeie vlakke van die samelewing bespeur word. Die oorspronklike verengelsings-proses aan die Kaap was onsuksesvol weens die Britte se grensbeleid en hul uitkyk op etniese verhoudings. Konsentrasiekampsterftes en die verskroeide-aardebeleid tydens die Anglo-Boereoorlog (1988-1902) het die reeds bestaande konflik tussen sogenaamde Boer en Brit vererger. Ná die oorlog is Engels eers in die staatsdiens en die regspleging ingevoer, daarna het dit die Hollandse taal in die kerk en skool verdring. Afrikaans as taal is 'n unieke vorm van kulturele uitdrukking en 'n definitiewe korrelasie het tussen taal, stryd om oorlewing en nasionalisme bestaan. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) het die meeste Afrikaners vir Duitsland ondersteun, en die Engelstaliges vir Engeland. Hierdie anti-oorlog-gevoel het grotendeels langs taalgrense gelê. Volgens Giliomee het die gevoel van minderwaardigheid onder die Afrikaner grotendeels ná 1948 verdwyn toe die Nasionale Party die bewind oorgeneem het.[417] Tot 1950 het die Engelse die mynbou, industrie en handel oorheers. Die meeste Koepelgrondeienaars, hoofsaaklik Afrikaans- en Engelsspekendes, is bewaringsbewus en het 'n gemeenskaplike liefde vir hulle grond in die Koepel ontwikkel. Hulle samewerking vir die bewaring van die Koepel-omgewing het in 'n groot mate die taal- en politieke grense vervaag. Daar is blyke van goeie buurskap aan albei kante.

---

416 H. Giliomee, *The Afrikaners: biography of a people*, p. xiv.

417 H. Giliomee, *The Afrikaners, biography of a people*, p. xiv.